

Screenplay:

Op die hoek van 14de Straat

and

Dissertation:

A critical analysis on how the application of cinematographic tools during the screenwriting process can contribute to the visualisation of post-death Christian existence in an Afrikaans film

By

Chanté van Zyl

Submitted in fulfilment of the requirements

for the degree of

Master of Arts in Creative Writing

at the

University of Pretoria

2022

Supervisor: Dr Tarryn-Tanille Prinsloo

CONTENTS

Acknowledgements.....	ii
Declaration.....	iii
Abstract.....	iv
Screenplay.....	vi
Dissertation.....	vii

Acknowledgements

- First and foremost, I am deeply indebted to Dr. Tarryn-Tanille Prinsloo, my supervisor, for your insightful guidance, continuous support and mentorship over the past two years. Thank you for your dedicated involvement through every step of this process. Your insight, knowledge and guidance have been immensely valuable throughout this journey.
- This endeavour would not have been possible without Dr. Chris Broodryk and Prof. David Medalie for all your support and wisdom during the initial process.
- The University of Pretoria, for granting me financial relief in the final year of my studies.
- Many thanks to Dené Hees and Bernadice Egan for the editing of this study and screenplay.
- André Velts, for your encouragement during this process and the numerous filmic suggestions.
- My parents, for your unwavering love during this process. I cannot begin to express my appreciation for your encouragement and support. I also value all the support from the rest of my family and my friends.
- Martin Steyn, for your never-ending support, love and optimism. Your belief in me kept my spirits and motivation high during this process.
- I would also like to thank my dog, Bo, for emotional support and making sure I take breaks (to play ball).
- Lastly, I would like to thank and praise God. Through the entirety of this study, He has provided me with support and encouragement. I sincerely appreciate all of His blessings, grace, and everlasting love.

Declaration of originality

Name: Chanté van Zyl

Student Number: 14194245

Degree / Qualification:

Master of Arts in Creative Writing

Title of Screenplay: *Op die hoek van 14de Straat*

Title of Dissertation: A critical analysis on how the application of cinematographic tools during the screenwriting process can contribute to the visualisation of post-death Christian existence in an Afrikaans film

I declare that this screenplay and dissertation are my own original work. Where secondary material is used, this has been carefully acknowledged and referenced in accordance with university requirements.

I understand what plagiarism is and am aware of the university policy and implications in this regard.



.....

SIGNATURE

7 September 2022

DATE

Abstract

The visualisation of the post-death existence in South African films has grown over the past few years, proving that the South African screen can be a haunted place. In contrast, the romantic comedy genre has decreased from 2015 and 2016, when romantic comedies dominated South African cinema (Frassinelli 2012:37). In the past five years (2018-2022), there has not been a romantic comedy that visualises the post-death existence in a South African feature film. This study aims to identify the ways in which the Christian post-death existence is visualised in South African cinema over the last five years. Its primary purpose is to explore the visualisation process of the script, since the screenplay provides the impetus for screen visualisation. Screenwriters can produce a visually striking screenplay by using cinematographic conceptual tools while writing scripts. Comparatively, this study explores the ways in which suggested visualisations are translated to the screen. Furthermore, through a qualitative, critical reflection, this study applies its findings to the feature film screenplay that visualises the post-death existence, specifically written for the purpose of the study.

This study is located in the field of creative writing and, more specifically, in the screenwriting domain. According to Adèle Ramet (2007:xi) creative writing is defined as possessing the ability to compose or produce an original literary work. Within a screenwriting context it can further denote the creation of an original literary work, written to be translated on screen. According to the University of Worcester ([sa]:1), if the goal of creative writing is to increase a writer's confidence in their abilities, then screenwriting strives to improve the abilities of a writer from ideation to production.

This study is also located in the domain of the Christian post-death existence and the visualisation thereof. The scope of the study is limited to South African films released between 2018 and 2022. Therefore, this study aims to critically assess the post-death existence, the South African Christian view of the post-death existence, cinema as theological reflection, South African cinema of the last five years, visualisation through cinematography, and visual writing within the screenplay. To further contextualise, this study interrogates the ways in which the conceptual tools of screenwriting and cinematography can be applied to the screenplay in order to visualise the post-death existence on the screen. Since a film depends on the combination of these tools, it is useful to consider the ways in which they are employed towards the visualisation of the post-death existence as a whole. The two films that are analysed in terms of their screenplays and cinematography, with a focus on the ways in which the post-death existence is visually translated from script-to-screen, are *Siembamba* (Roodt 2017) and *Lykskou* (Velts 2021).

This study concludes that there is a notable use of the conceptual tools of cinematography, both in the script and screen processes, to visualise a post-death existence.

Key terms: Screenwriting, Ghosts, Visualisation, Cinematography, Afrikaans, *Siembamba*, *Lykskou*, Theology in Film, Christian post-death existence

Screenplay

Op die hoek van 14de Straat

By

Chanté van Zyl



Op die hoek van 14de Straat

Chanté van Zyl

INT. WOONSTEL/MIA SE SLAAPKAMER - AAND

OOR DIE SWART SKERM:

DOOF IN:

MIA BUYS, 27, sit voor 'n spieëlkas en kyk na haar refleksie. Sy het lang, ligbruin hare wat in sagte krulle van haar skouers af hang. Sy is natuurlik mooi, maar effens onversorg. Haar bleek en ligte vel wys die kringe onder haar oë duidelik. Sy grawe tussen deur die versameling grimering uitgestrooi op haar spieëlkas. Sy gryp die blosser en kleur haar wange haastig in. Sy sug hardop, gefrustreerd en ontevrede.

Beat.

Daar is 'n vrolike klop aan die deur. Die deur vlieg oop. Mia se kamermaat verskyn in haar kamer, kleurvol in alle opsigte, van haar kort, bloedrooi hare tot haar helder, mostert gekleurde 'jumpsuit', ANJA NIEMANDT, 27. Anja vou haar arms voor haar bors en leun teen die drumpel van die deur.

ANJA

(opgewonde)

Dis al donker buite! Hoe laat ry jy?

MIA

Oor twintig minute.

Anja kyk na die lang, donkerblou rok wat teen Mia se kas hang. Dit lyk meer soos 'n rok wat 'n middeljarige ma na 'n kerk bazaar toe sal dra, nie iets vir 'n 27-jarige nie. Anja stap nader aan die rok en voel aan die materiaal.

ANJA

(sug ontevrede)

Hmm...mmm...

Anja lig haar wenkbroue en trek haar lippe skeef. Mia sien Anja se reaksie teenoor die rok, in die refleksie van die spieël, en rol haar oë. Anja skud haar kop.

MIA

Voor jy iets sê, laat ek jou wys.

Anja lig haar hande in die lug op en plak dan neer op Mia se bed. Daar is klere en skoene wat op die vloer gestrooi lê, maar alles wat in kaste gepak is, is netjies gebêre. Mia trek die donkerblou rok aan en plaas dan haar hande op haar heupe, asof sy haar voorkoms onthul op 'n *make-over* televisie

Created using Celtx

program. Anja se kop sak in haar hande.

MIA
 (geïrriteerd, vou haar arms)
 Wat?

ANJA
 (saaklik)
 Dis 'n eerste date, Mia.

MIA
 (draai om)
 Ja, en?

ANJA
 Kan jy 'n bietjie meer moeite doen? Jy
 wil tog 'n goeie indruk skep.

MIA
 (verdedigend)
 Ek doen moeite! Dis 'n mooi rok. Ek
 gaan 'n baadjie en oorbelle dra.

ANJA
 'n Baadjie? Kom nou, ons wil darem vir
 jou 'n bietjie aksie kry!

MIA
 (hyg)
 Anja!

Beat.

Sy staar aandagtig na haarself in die spieël. Sy begin haar
 keuse betwyfel.

MIA
 (huiwerig)
 Dalk sit ons buite en raak dit koel.

Anja gooi haar arms om Mia.

ANJA
 (giggel)
 Sy arms kan jou dan warm hou...

Mia probeer haar glimlag wegsteek.

Mia stap nader na haar volspieël toe, frons en begin vroetel.
 Al trek sy die rok reg oor haar heupe, wil dit niks weet nie.
 Sy gryp 'n denim baadjie uit haar kas en begin dit om haar

middel bind.

ANJA
 (uitdruklik)
 Nee!

Anja ruk die baadjie weg van Mia.

MIA
 Okay, okay jy's reg.
 (na Anja, gespanne)
 Kan jy net vir hom sê ek is siek of
 iets?
 (moedeloos)
 Ek is nie reg hiervoor nie!

Anja staan op en gooi haar arms in die lug.

ANJA
 Hokaai! Stop die lorrie. Ons gaan nie
 kansleer nie. Dis net *first date*
jitters. Dit gebeur.
 (sit haar hande op Mia se skouers)
Deep breaths, deep breaths.

Anja haal diep asem en hou dit in. Mia rol haar oë maar begin tog saam om dieper asem te haal.

MIA
 Wat gaan ek aantrek?

Anja wys vir haar om aan te hou asem haal terwyl sy uit die kamer verdwyn. Mia gehoorsaam soos wat sy weer voor die spieëlkas sit. Sy rus haar kop op haar vuiste en kyk na haarself in die spieël. Dan wend sy maskara aan haar oogwimpers.

INT. BRUIDSKAMER - TERUGFLITS - DAG

Mia sit voor 'n spieëlkas en wend maskara aan. Haar hare is mooi vasgemaak in 'n 'updo' met 'n paar krulletjies wat los hang. Sy het 'n trourok aan. Mia kyk vir haarself in die spieël en begin vinniger asem te haal, paniekbevange.

INT. WOONSTEL/MIA SE SLAAPKAMER - AAND

Mia knip haar oë hard. Anja kom terug in die kamer met 'n rooi, blompatroon rokkie in haar hande.

Created using Celtx



MIA
 (onseker)
 Dis...helder.

ANJA
 Hy moet jou raaksien...

Beat.

ANJA (CONT'D)
 (aanmoedigend)
 Kom aan! *Live a little.*

MIA
 Okay *fine*, maar ek gaan nogsteeds 'n
 baadjie dra.

ANJA
Deal!
 (beat)
 Oh! En hierdie is my *lucky charms*.

Anja gee vir Mia 'n paar diamant-studs. Anja begin rondkrap
 in Mia se kas en soek vir skoene terwyl Mia aantrek.

Na 'n paar oomblikke draai sy om met die rok en oorbelle aan.
 Sy lyk pragtig. Anja plaas haar een hand op haar voorkop en
 maak asof sy gaan omval.

ANJA
 (snak na haar asem)
To die for!

Mia staan weer voor haar volspieël. 'n Spontane glimlag laat
 haar gesig straal.

MIA
 (saggies)
 Okay, *fine*, dié lyk beter.

ANJA
 (spottend)
 Sê gou weer, sodat almal dit hoor.

Hulle giggel.

ANJA (CONT'D)
 (spot haar)
*Liewe dagboek, no more sexual
 frustration! Insert all the juicy
 detail, send to shrink!*

Created using Celtx

MIA
Dit is nie deel van my dagboek nie. My
sielkundige het gesê-

ANJA
(rol haar oë)
Ja, ja. *Write your woes, blah, blah,
blah.*

Anja kom staan agter Mia en sit haar hande op Mia se skouers.

ANJA (CONT'D)
(sag)
Jy lyk regtig mooi.

Beat.

Mia plaas haar hand op Anja s'n en glimlag verleë.

INT. BRUIDSKAMER - TERUGFLITS - DAG

Mia staan voor 'n spieël en kyk na haarself in haar lang,
trourok. Sy glimlag en doen 'n draai.

'N MAN SE STEM
Mia...ons moet praat.

Mia draai skielik om om vir die persoon te kyk wat met haar
praat.

INT. WOONSTEL/MIA SE SLAAPKAMER - AAND

Mia druk haar oë styf toe en knip hulle 'n paar keer. Sy kyk
vir Anja deur die refleksie van die spieël.

ANJA
Hoor jy?

MIA
Hmm?

ANJA
Ek sê, hierdie gaan so goed wees vir
jou. *Just enjoy it!* Sien jou môre.

Net so is Anja weg. Mia haal diep asem in en gryp haar kar
sleutels.

EXT. BUIITE/MIA SE KAR - AAND

Al is die radio aan, is Mia se kop iewers anders. Die

Created using Celtx

verbygaande straatligte reflekteer op haar gesig soos sy ry. Sy stop by 'n stopstraat en tik haar vingers ongeduldig op die stuurwiel. Sy kyk na die tyd, 18:50.

Mia kyk vorentoe en sien die pad wat sy gaan vat, is donker. Sy haal diep asem. Sy kyk na die knoppies in haar kar om seker te maak dat haar kar gesluit is. Die kar ruk skoon vorentoe soos sy wegtrek. Soos wat die straatligte minder en die pad donkerder word, so haal Mia al hoe vinniger asem.

Sy stop by 'n rooi lig en tik weer met haar vingers op die stuurwiel. Daar is geen ander karre om haar nie. Sy kyk links en regs en dan ry sy oor die rooi lig.

Sy ry verder en 'n bietjie vinniger. Sy beweeg haar vinger op haar foon se skerm om te kyk wat die pad vorentoe behels.

Haar bors styg hoog en sy blaas hardop deur haar mond asem uit.

Om haar, in die pad, is daar baie boemelaars wat op die sypadjies slaap.

Skielik 'pieng' haar foon met 'n 'notification'.

Haar oë beweeg na haar foon toe en bo-op *Google Maps* verskyn daar 'n 'notification'.

OP MIA SE FOON SE SKERM

verskyn:

Instagram notification

Henkol10 has uploaded a new photo! Click here to check it out.

Mia kyk vinnig op na die pad en dan weer na haar foon. Sy kliek op die 'notification'. Haar foon se skerm maak *Instagram* oop.

OP MIA SE FOON SE SKERM

verskyn:

'n Foto van 'n JONG MAN en 'n JONG VROU gekleed in 'n pak en 'n trourok waar hulle koek sny, verskyn.

Die onderskif van die foto lees:

"Beste dag van ons lewens, #VanEedenTroue"

Created using Celtx

Mia skud haar kop vinnig, verward. Haar oë vul onmiddelik met trane.

Skielik, TOET!

Mia skrik en kyk op. Die kar wat vir haar getoet het, jaag verby haar.

Beat.

Mia beweeg haar bewerige vinger op die skerm om die kommentaar onder die foto te lees. Daar staan:

"Pragtige foto! Wens julle die gelukkigste lewe saam♥"

"*Stunning couple!*"

"#VanEedenEnVirAltyd"

MIA
(ontsteld)
Nee, nee, nee, nee!

Die trane rol van Mia se wange af. Sy begin snik, maar ruk haarself reg met 'n klap in die gesig. Haar hande vorm vuiste en sy slaan die stuurwiel. Sy vergroot die foto...

DOEF!

Ewe skielik stamp haar kar iets HARD.

Sy stop die kar onmiddelik en kyk verbouereerd rond. Dit vat haar 'n oomblik om te beseef wat gebeur het. Haar oë skiet na die kant spieëltjies toe. Sy sluk hardop en vee haar trane af. Haar oë soek rond, maar sy sien niks nie. Sy vee haar oë droog en kyk weer.

Niks.

Sy skep moed en klim uit die kar uit.

EXT. BUIITE/14DE STRAAT - AAND

Sy haal haar sleutels uit die aansitskakelaar uit, steek die sleutel tussen haar vingers en hou dit bewerig vas. 'n Wapen vir ingeval. Mia maak haar kar se deur saggies agter haar toe.

Die naaste straatlig flikker aan-en-af.

Sy is so besig om verward rond te kyk dat sy amper oor die

Created using Celtx

ding val wat sy omgery het. Haar voet raak net-net aan die ding en dit gee haar genoeg van 'n skrik om terug te deins. Sy draai om en sien wat sy getref het...

Mia se oë rek wanneer sy sien wat op haar wag.

'n JONG MAN lê in die straat, agter haar kar, bewusteloos. Hy is omring deur 'n poel bloed, alhoewel Mia nie kan sien waar die bloed vandaan kom nie.

Mia staan verstar, trane dam in haar oë. Sy keer net betyds met haar hande sodat sy nie opgooi nie. Sy buk vinnig af na die liggaam toe en ruk aan sy skouers.

MIA
(fluister)
Hello?

Beat.

MIA (CONT'D)
(meer angstig)
Hello? Word wakker asseblief!

Beat.

Sy wag om te sien of hy reageer.

Niks.

Stilte.

Mia soek vir 'n pols op sy gewrig, maar sy weet nie eintlik waar om te voel nie. Sy hou haar vingers uiteindelik op die regte plek.

Sy wag.

En wag.

En wag.

Beat.

Niks.

MIA
(sag)
Shit!

Mia hardloop terug na haar kar toe, ruk die deur oop en gryp

Created using Celtx

haar foon. Sy tik 'n nommer in en bel.

OOR DIE FOON
*Hello, what's your emergency? Wat is u
 noodgeval? Yini oluphuthumayo lwakho?*

MIA
 Ek is by-

Mia sien haarsel in die weerkaatsing van haar venster. Daar is bloed op haar hande. Sy besef...

Beat.

Sy druk die foon dood en gooi dit op haar kar se sitplek neer.

Sy hardloop terug na die jong man toe. Sy voel in sy broeksak vir 'n foon en haal dit uit. Sy kliek op die 'Emergency call' opsie.

OOR DIE FOON
*Hello, what's your emergency? What is
 u noodgeval? Yini oluphuthumayo
 lwakho?*

MIA
 (oor die foon)
 Help asseblief.
 (kyk rond vir straatname)
 Op die hoek van Langebaan en 14de
 straat, Linden...daar...uh daar was 'n
 ongeluk...Die man is bewusteloos...

Sy druk weer dood en gooi die selfoon langs die man. Mia se gesig word spierwit soos wat sy besef wat gebeur het en watse nagevolge vir haar wag. Sy moet daar wegkom. Sy kyk benoud rond, daar is geen ooggetuies nie.

Mia buk af na die jong man en gee hom een laaste ruk.

Niks.

MIA
 (huilerig)
 Ek is so jammer.

Mia kyk een keer weer angstig om haar voordat sy haastig na haar kar toe skarrel. Haar bene wankel soos wat sy terug in haar kar val-klim.

Created using Celtx

EXT. BUIITE/MIA SE KAR - AAND

Mia draai die sleutels en skakel haar kar aan. Sy besef dan dat sy haar sleutels so styf vasgehou het, dat sy haar hand oopgesny het. Sonder om te dink, vee sy haar sweterige hande aan haar rok af. Dan, sonder om terug te kyk, jaag sy weg.

Google Maps App in haar foon kondig herhaaldelik aan "Recalculating" en dan na 'n paar oomblikke "Make a U-turn."

INT. WOONSTEL/LEEFAREA - AAND

Mia klap die woonstel deur agter haar toe en sluit dit. Sy gryp haar bors en val op haar knieë neer. Sy probeer om diep asem te haal, maar sukkel. Sy moet 'n paar keer stadig in-en-uit asem om dit te reguleer.

MIA
(fluister)
Alles gaan okay wees...hy gaan okay
wees.

Mia struikel van die vloer af op. Wanneer sy op is, jaag sy slaapkamer toe.

INT. WOONSTEL/MIA SE SLAAPKAMER - AAND

Sy kruip onder die komberse in. Haar kamer is pikdonker, maar die straatlig val presies op haar gesig. Dis doodstil. Sy staar na die dak. 'n Traan rol van haar wang af.

EXT. STRAAT - NAGMERRIE - AAND

Mia is gekleë in 'n trourok. Sy bestuur haar kar spoedig weg, trane rol by haar wange af. Sy vee dit af, maar die trane bly dam in haar oë. Soos sy afvee, verskyn daar 'n man voor haar kar en sy ry in hom vas.

INT. WOONSTEL/MIA SE SLAAPKAMER - DAG

Mia skrik wakker en sit penorent in haar bed. Sy gryp haar bors en forseer haarself weer om stadiger asem te haal. Sy vryf haar hande oor haar gesig, wat effens dik geswel is van al die huil die vorige aand. Wanneer sy haarself genoeg kalmere het, staan sy op en stap leefarea toe.

INT. WOONSTEL/LEEFAREA - DAG

Die leefarea is 'n oopplan met 'n sitkamer, kombuis en klein eetkamer. In die sitkamer gedeelte is daar 'n TV en twee banke. Mia loop by die leefarea in en sien Anja lê op die

Created using Celtx

bank, met haar foon in haar hand. Sy kan nie haar gesig sien nie.

ANJA

Mia?

Anja sit regop. Haar gesig is rooi, trane in haar oë.

ANJA (CONT'D)

Ek wag nog heeltyd vir jou om uit te kom, ek's so jammer...

Sy hardloop na Mia en omhels haar.

MIA

Oor wat? Wat gaan aan?

Beat.

Anja trek weg van Mia af en lees haar verwarde uitdrukking. Sy besef.

ANJA

Jy weet nie...

Mia skud haar kop.

ANJA (CONT'D)

Erik...

(beat)

Dis Erik, Mia. Hy's...hy's dood.

MIA

Erik? Wat?

ANJA

'n *Hit-and-run*.

Mia word so wit soos sneeu.

MIA

Dis...verskriklik.

Mia stap na die venster toe, te geskok vir woorde.

ANJA

Jy't seker gedink hy't jou ge-*ditch*, nè? Hoe lank het jy gewag? Jy moes my gebel het.

MIA
Ek...uh...kan dit nie glo nie.

ANJA
Ek weet. Ek sukkel ook nog om dit te
verwerk.

Mia staan gevries. Haar oë skarrel rond in die kamer asof sy vir antwoorde soek. Anja praat verder, maar Mia hoor haar nie. Sy sien die gedroogde bloed onder haar naels en krap aan dit. Anja se stem doof in.

ANJA (CONT'D)
Hy was so jonk. Ek het regtig gedink
dit gaan tussen julle uit werk.

Mia kan nie vir Anja in die oë kyk nie.

ANJA
Mia?

Mia hoor weer vir Anja en los haar naels.

MIA
Hmm?

ANJA
Dit moes 'n vreeslike aand vir jou
gewees het.

Anja wys na die rok wat Mia aan het. Mia knik haar oë en forseer 'n halwe glimlag. Sy het nie eers agter gekom dat sy nooit die rok uitgetrek het nie.

Anja omhels Mia weer, snikkend. Mia bly stil, asof sy wag vir die regte woorde om haar mond te vul, maar die woorde wil nie kom nie.

Beat.

Anja trek weg van Mia af, maar haar hare hak aan Mia se oorbel vas.

MIA
Eina!

ANJA
(snik nog)
Wag, hou stil.

Anja peuter met haar hare by Mia se oor en kry haarself los.

Created using Celtx

ANJA (CONT'D)
 (probeer 'n grap maak)
 Daardie oorbelle het my al baie in die
 moeilikheid gekry.
 (sy sien Mia het net een oorbel
 aan)
 Waar is die ander een?

Mia se oë vergroot.

MIA
 (voel aan albei haar ore, een
 oorbel is weg)
 Oh, dit het seker in my bed uitgeval
 toe ek geslaap het.

Beat.

Anja glimlag effens afsydig. Sy tel haar selfoon van die
 koffie tafel af op en soek rond vir nog iets. Sy lig haaar
 skouers hoog.

ANJA
 Ek...ek dink ek gaan by sy ma'le 'n
 draai maak.

Anja kyk weer rond, glimlag verleë en verdwyn by die deur
 uit. Mia staan verstar in die stilte terwyl sy seker maak dat
 Anja weg is.

INT. WOONSTEL/MIA SE SLAAPKAMER - DAG

Sy maak *Facebook* op haar skootrekenaar oop en soek vir Anja
 se profiel. Mia *scroll* af om Anja se *status* te sien. Erik is
ge-tag in die *status*. Mia klik op sy naam en sy profiel
 verskyn op die skerm. Sy vergroot sy profiel foto.

Dan sien sy vir Erik, met golwende, blonde hare en potblou
 oë. Op die foto glimlag hy breed voor 'n massiewe bord
nachos, met sy arms op die tafel gevou.

Sy besef dan dat dit wel Erik was wat sy agter haar kar sien
 lê het. Haar oë lyk asof hulle uit haar kop gaan pop.

Haar asemhaling begin vinniger en harder word. Mia hardloop
 badkamer toe.

INT. WOONSTEL/BADKAMER - DAG

Mia bars by die badkamer in en mik vir die toilet. Sy rus
 haar kop op die toilet se sitplek. 'n Traan val van haar wang

Created using Celtx

af, maar sy vee dit spoedig weg. Sy spoel haar gesig by die wasbak af en probeer haarself kalmeer. Water drup van haar gesig af. Sy kyk op en sien haarself in die spieël, nog in die rok van gisteraand. Soos wat sy vir haarself kyk, vang haar oë 'n bietjie bloed wat op die naat van haar rok gevlek is.

Sy hyg hardop en skeur amper die rok se materiaal soos wat sy dit van haar lyf afruk. Sy draai albei krane van die wasbak aggressief oop en druk die rok onder die water totdat dit heeltemal nat is. Onder die wasbak, in die kassie, haal Mia skoonmaakmiddels uit. Sy gooi drie doppies *Omo* in die wasbak. Sy haal ook die *Jik* uit en gooi dit op die gevlekte area van die rok.

Ons sien hoe die water heeltemal kleur verander. Mia soek vir die naat wat die bloed druppel op het en sy skrop dit aggressief tussen haar hande. Dit raak net effens ligter.

Die skoonmaakmiddels brand 'n sny wat klaar op haar hand is. Sy trek haar gesig en byt op haar tande van die skielike pyn. Sy draai die kraan oop en laat die water oor dit tap. Sy druk 'n handdoek 'n paar keer op die wond om dit droog te maak. Haar oë kyk na die dak en sy laat 'n bewerige sug uit.

Mia draai die krane van die stort en klim in.

INT. WOONSTEL/STORT - DAG

Binne die stort, skrop Mia elke deel van haar lyf. Sy gebruik 'n spesifieke borsel om haar naels te skrop. Haar lyf verkleur bloedrooi soos sy skrop. Mia draai die handdoek om haar lyf en klim uit die stort. Die hele badkamer is vol stoom.

Mia tap die water uit die wasbak en draai die rok in 'n ander handdoek toe. Vir eers, gooi sy dit op die grond en was die wasbak silwerskoon. Sy maak seker dat daar niks agterbly nie.

INT. WOONSTEL/LEEFAREA - DAG

Mia gooi die handdoek en die rok in die wasmasjien en sit dit aan.

INT. WOONSTEL/MIA SE SLAAPKAMER - DAG

Mia is aangetrek in haar japon en sit voor die spieëlkas om haar hare te kam. Sy hoor 'n gefluit.

Mia ignoreer dit eers en sit gesigroom aan. Dan hoor sy dit weer en loer by die venster uit.

Created using Celtx

Niks.

Beat.

Sy stap weer spieëlkas toe en vroetel op die kas rond vir 'n rekkie om haar hare mee vas te maak. Terwyl sy haar hare vasmaak, hoor sy dit weer. Sy draai haar kop stadig leefarea toe, en sien 'N FIGUUR op die bank sit.

Mia se foon se skerm verhelder met 'n boodskap van Anja.

'Gaan lank hier wees, moenie oor my worry vir aandete nie.'

Mia se oë rek. Sy vries en sluk hardop.

Mia soek rond in haar kamer vir 'n wapen. Agter haar deur gryp sy 'n reis-grootte sambreel en hou dit voor haar uit.

Mia stap stadig nader aan die deur, die figuur, met sy rug teen ons gedraai, sit op die bank en ons sien net die agterkant van 'n blonde kop.

Sy loop op haar tone by die deur uit en probeer so stil as moontlik beweeg.

INT. WOONSTEL/LEEFAREA - DAG

Die figuur draai sy kop en ons sien dis ERIK, met sy golwende, blonde hare en potblou oë.

Mia se oë rek. Sy staan gevries.

Stilte.

Hy kyk net vir haar. Sy knik 'n paar keer haar oë oop-en-toe. Erik staan nogsteeds voor haar. Dan knyp sy haar oë bietjie langer toe, met die hoop dat wat sy gesien het, verdwyn.

Beat.

Mia skree hardop.

ERIK
Dankie tog, jy kan my sien!

Erik se skouers ontspan in verligting. Hy glimlag.

Hy staan van die bank af op. Mia lig haar sambreel hoër op om te wys dat hy terug moet bly. Mia skree nogsteeds. Hy lig sy plat hande voor hom om te wys dat hy nie gevaar bring nie.

Created using Celtx

ERIK (CONT'D)
 (stadig)
 Ek...kom...in vreeede.

Mia skree weer, Erik rol sy oë en begin ook skree. Dit maak Mia stil. Sy kyk hom verward aan.

Stilte.

Mia klap haarself liggies teen haar wang. Erik lag vir Mia, wat haar net meer gereed maak om haarself te verdedig.

ERIK
 Kom ons probeer weer.
 (beat, haal diep asem)
 Ek is Erik, en ek is dood. Ek is gisteraand oorlede en nou is ek 'n spook.
 (giggel)
 Ha! Dit rym.
 (sag, na homself)
I'm a poet and I didn't even know it.

Mia kan nie glo wat sy voor haar sien nie. Die lyne op haar voorkop verrimpel soos sy frons. Sy krap haar kop.

MIA
 N-nee. Dit kan nie waar wees nie.

ERIK
 (sug)
 Dit is.
 (stadig)
 Wat is jou naam?

MIA
 (onseker)
 Mia...maar wat-

ERIK
 Ek weet nie...ek het 'n wit lig gesien en toe beland ek in jou woonstel.

MIA
 Hoekom my woonstel?

ERIK
 (lig sy skouers hoog)
 Sover is jy die enigste mens wat my kan sien.

Created using Celtx

Beat.

MIA
(ontsteld)
Hierdie is 'n aaklige grap! Dis-

ERIK
(probeer oor haar praat)
Dit is nie 'n grap nie! Kyk op
Facebook as jy my nie glo nie, daar
behoort al 'n *post* oor my dood te
wees.

Hy stap vinnig nader aan haar.

MIA
(skreeuend)
Moenie naby my kom nie!

Mia hardloop om die bank met Erik wat haar rustig agtervolg.

ERIK
(moeg)
Kan jy net stilstaan?

Mia staan aan die een kant van die bank en Erik oorkant haar.
Wanneer sy links gaan, gaan hy links, wanneer sy regs gaan,
gaan hy regs. Sy is uitasem.

Erik trek sy mond in 'n skelm glimlag.

MIA
Ek bliksem jou met hierdie sambreel!

Erik kyk vir haar sambreel en probeer om sy lag te onderdruk.
Mia se gesig raak bleek, asof sy 'n spook gesien het, en met
goeie rede.

ERIK
Dink jy regtig daardie klein
sambreeltjie is genoegsame beskerming?

MIA
(desperaat)
Asseblief! Asseblief, los my uit! Gaan
terug na waar jy vandaan kom,
asseblief!

ERIK
Ek wens ek kon.

Created using Celtx

Beat.

Mia versag en laat die sambreel effens sak.

Mia dink hard.

Beat.

MIA

Moet jy nie in die hemel of iets wees
nie?

Erik lig sy skouers op en sit neer op die bank. Hy vryf sy
gesig met sy hande. Erik bestudeer haar. Sy kom dit agter.

MIA

(ernstig)

Kan jy my gedagtes lees?

ERIK

Miskien...

Mia sluk hard.

ERIK

Ek grap, ek grap...

Erik glimlag verleë.

MIA

Hierdie is nie 'n tyd vir grappies
nie. Kan jy enige iets onthou van hoe
jy dood gegaan het?

ERIK

Ek weet ek het geloop en toe val ek
neer. Kom ons vat 'n paar tree terug,
en begin met *Facebook*...

Mia wag 'n oomblik en loop dan versigtig agteruit om haar
foon in haar kamer te haal. Sy maak seker dat haar rug nie na
Erik toe wys nie, en sy hou haar oë stewig op hom geplant.
Erik vou sy arms en wag vir Mia in die sitkamer. Sy kom terug
sitkamer toe met haar foon in haar hand.

ERIK

Wat sê dit?

Mia lees rofweg deur die honderde 'posts' op sy 'wall'.

Created using Celtx

MIA

(lees)

Jammer om te hoor, ons gaan jou
mis...RIP ou...

ERIK

Wie sê dit?

MIA

Uh, 'n Chris van Deventer.

ERIK

Ag daai ou, ken hom nie eers nie...En
nog?

MIA

Erik, jy was so 'n goeie mens, vir my
en vir almal...

ERIK

Stop! Wie sê dit?

MIA

Imke?

Erik se wenkbroue lig. Hy sluk hardop.

ERIK

(teleurgesteld)

Sien? Ek is dood.

Mia haal bietjie ligter asem. Haar oë volg Erik tot hy op die
bank gaan sit. Sy kop sak in sy hande.

ERIK (CONT'D)

(sag)

Sal jy my kan help?

Hy draai na haar. Sy moedelse uitdrukking vang haar onkant.

MIA

Waarmee?

ERIK

Ek moet uitvind hoe ek dood is.

MIA

(verdedigend)

Hoekom?

Erik kyk verbouereerd na haar.

Created using Celtx

MIA (CONT'D)

Ek bedoel maar net...wat gaan dit help om te weet wat die oorsaak was? Dit gaan tog nie iets verander aan...ek bedoel...jy's...

ERIK

Dood. En nogsteeds...hier.

MIA

In my woonstel.

ERIK

Dit moet dan iets beteken. Dat ek hier beland het.

Beat.

MIA

Luister, ek dink jy is oorweldig, dis verstaanbaar. Maar ek kan jou nie help nie.

Mia stap na die deur toe.

MIA (CONT'D)

Ek dink dit sal beter wees as jy gaan.

ERIK

Waarh-

Sy maak die deur oop.

MIA

(sag)
Asseblief.

Erik staan op en loop by die deur uit sonder 'n woord. Mia volg hom soos wat hy by die straat afloop totdat hy uit sig is. Sy maak die deur saggies toe, sluit en leun met haar kop daarteen. Sy knyp haar oë styf toe en begin haar kop teen die deur stamp. Sy haal vinniger asem.

Mia gryp haar foon en soek vir die kontak besonderhede van 'Annie Sielkundige'. Sy bel maar daar is geen antwoord nie. Gefrustreerd bel sy weer.

Niks.

INT. WOONSTEL/MIA SE SLAAPKAMER - DAG

Created using Celtx

Mia haal 'n pilhouer uit haar bedkassie uit. Sy gooi drie pille uit op haar hand en sluk dit. Sy gooi dan haar kombers oor haar kop.

OP DIE PILHOUER STAAN

ALCO ZOLPIDEM

Take one when needed. For sleep.

INT. WOONSTEL/MIA SE SLAAPKAMER - DAG

'n Digitale wekker doof in. Dit lui vir 'n ruk tot Mia uiteindelik wakker skrik. Sy gooi die kombers oop en voel op haar bedkassie vir haar foon om die alarm af te skakel. Haar hare is woens en haar gesig dik geswel.

Sy kyk na haar foon se skerm. Dit vat haar 'n oomblik om mooi die tyd te sien.

OP MIA SE FOON SE SKERM

06:45

MIA

Shit!

Mia spring uit die bed uit en trek die lang, blou rok aan wat sy oorspronklik vir die date sou dra. Sy struikel oppad badkamer toe terwyl sy haar sandale vasmaak.

INT. WOONSTEL/BADKAMER - DAG

In die badkamer, borsel sy haar tande en was haar gesig.

Daarna beweeg sy terug na haar kamer toe en sit voor die spieëlkas.

INT. WOONSTEL/MIA SE SLAAPKAMER - DAG

Gejaagd, wend Mia 'n bietjie grimering aan. Mia spartel en trek haar borsel met krag deur haar hare.

Sy gryp haar rugsak, dra sak en haar groot, polka dot handsak en jaag by die voordeur uit.

EXT. BUIITE/MIA SE KAR - DAG

Mia parkeer haar kar voor 'n skool se ingang.

Die radio kan gehoor word:

Created using Celtx

"'n 28-jarige sterf in 'n tref-en-trap. Moord of doodslag?
 Skakel in vir die 8-uur nuus vir meer."

ERIK
 (van die agterste sitplek)
 Moord IS doodslag.

Mia skrik en laat 'n gil uit. Sy draai haar lyf om agter haar te kyk.

MIA
 (ontsteld)
 Hoe kom jy op my agter sitplek? Ekt dan gesê los my uit. Ek kan jou nie help nie!

Mia vat 'n oomblik om haar asem te reguleer.

Erik steek sy arm deur die deur.

Mia sug en draai reg. Sy skakel die radio af.

ERIK
 Glo my, jou *Polo* is die laaste plek waar ek wil wees.
 (beat)
 Dit lyk my ek is op 'n manier verbind aan jou.

MIA
 (draai om)
 Verbind? Dis mos simpel?

Erik lig sy skouers op. Mia rol haar oë en kyk na die tyd. Sy is laat. Sy sug en skakel die kar af.

MIA (CONT'D)
 Ek kan nie nou hieraan aandag gee nie. Vandag is 'n belangrike dag. As jy dan moet saam karring, karring net in stilte. Geen goëlery nie.

Erik sit sy hand op sy kop en sy vinger op sy mond terwyl hy in die truspieël na Mia kyk. Mia haal diep asem in en klim uit die kar uit.

Soos wat sy die kardeur toe maak, sien sy een van die SKOOL SEUNS haar aandagtig aanstaar. Van sy oogpunt af, lyk dit asof Mia 'n ernstige gesprek met haar agterste sitplekke het.

Mia glimlag met stywe lippe en loop by die trappe op.

INT. LAERSKOOL/GANG - DAG

Mia loop by die gang af. Sy dra haar groot handsak en dra-sak oor een skouer en haar rugsak oor die ander. Ons volg Mia soos sy na haar klaskamer toe loop. Erik volg dwalend agter haar aan.

Op die deur is daar 'n naamplaatjie met "JUFFROU BUYS" en onder dit is daar 'n "WELKOM TERUG" plakkaat.

Mia maak die deur oop en stap in.

INT. LAERSKOOL/MIA SE KLASKAMER - DAG

Sy kyk aandagtig rond. Haar klaskamer is gevul met klein blou bankies en verskeie plakkate op die mure van die wêreldkaart, verkleinings reëls, klinkers en medeklinkers en wiskundige simbole. Mia se lessenaar staan in die hoek, slegs 'n register en potloodhouer is daarop. Daar is 'n witbord skuins agter die lessenaar.

Mia stap na haar lessenaar toe en sit haar dra sak op die vloer neer. Sy begin om van haar goed uit te pak. Erik stap in die kamer in, maar Mia ignoreer hom.

Sy haal 'n witbordmerker uit haar potloodhouer uit. Mia begin om "Juffrou Buys se klas" en die datum op die bord te skryf. Ontevrede, vee sy dit uit en skryf dit weer oor, dié keer stadiger en ietwat netjieser. Sy vat 'n tree terug en bestudeer haar handskrif. Sy skud haar kop en vee weer uit. Sy begin om weer te skryf. Haar hande bewe.

Mia sug hardop en tel die uitveër op om weer uit te vee. Erik stop haar. Hy sit sy hand op hare.

ERIK

(sag)

Dit lyk reg.

Mia staar hom versigtig aan, asof dit die eerste keer is wat sy mooi na hom kan kyk. Hulle besef dan dat hulle aan mekaar kan vat en mekaar voel.

Erik se oë rek. Mia breek die oogkontak en laat 'n klein hoesie uit. Sy laat gaan van die uitveër en loop terug na haar lessenaar toe. Erik staan stil. Daar is 'n oomblik van stilte.

ERIK

Ek kon geraai het dat jy 'n onderwyseres is...

Created using Celtx

MIA
Wat bedoel jy met dit?

ERIK
(maak asof hy hoes)
Beheervraat...

Mia rol haar oë.

ERIK (CONT'D)
(spottend)
Ek dink maar net, jy was nog nie een
keer vriendelik met my nie so ek
wonder hoe jy met kinders praat.

MIA
(flou glimlag)
Die kinders is nie spoke wat my
irriteer nie.

ERIK
(slimkopperig)
Ah, maar hulle is kinders en kinders
is in hulle eie opsig irriterend.

Mia skud haar kop en steek haar glimlag weg.

Stilte.

Beat.

Mia skryf verder op die bord.

Erik loop in Mia se klaskamer rond en bestudeer die
verskillende plakkate. Buite die venster hoor ons meer-en-
meer hoe kinders by die skool opdaag en buite speel.

Wanneer Mia klaar op die bord geskryf is, sit sy die
witbordmerker terug in die potloodhouer.

MIA
Ek gaan koffie kry voor die kinders
kom. Moenie my volg nie.

ERIK
Geniet dit.

Mia is teruggevat deur Erik se antwoord, maar sy verlaat die
klaskamer tenspyte daarvan.

Created using Celtx

INT. LAERSKOOL/PERSONEELKAMER - DAG

Daar is 'n paar onderwysers wat op banke sit en koffie drink. Mia hou by haarself. Sy haal haar Protea koppie uit die kas en skink vir haar koffie.

'n Paar tree agter Mia is twee ONDERWYSERESSE. JANÉ, laat 30s, Graad R juffrou, is besig om die personeelkamer met *Bridal Party* plakkate en ballonne te versier. Sy het 'n parmantige persoonlikheid wat meer vals voorkom as iets anders. Die ander onderwyseres, SANDRA, vroeë 40s, Graad 7 juffrou met 'n strenger voorkoms en prikkelende lippe, lees die koerant op die bank langsaaan Jané.

SANDRA

Het jy gehoor van daardie prokureur wat in 'n *hit-en-run* betrokke was die naweek? Daar by 14de Straat.

Mia se oë rek. Sy beweeg nader aan hulle en luister hulle gesprek af.

JANÉ

Ja, dis verskriklik erg.

SANDRA

Sy ma het prysgeld neergesit vir enige iemand wat met inligting vorentoe kom.

JANÉ

Hoeveel?

SANDRA

R50 000.

JANÉ

Sjoe, *must be nice* om net sulke geld te hê om rond te gooi.

Sandra sien dan vir Mia wat koffie in skink en vir 'n hele rukkie nou al roer. Mia lig die lepel op om dit in die wasbak te sit maar sy laat val dit op die vloer. Die aandag verdraai na haar. Sy tel dit vinnig op. Sandra maak haar keel skoon en Jané kyk ook dan om. Jané los die versierings. Sy en Sandra stap nader aan Mia, met valse glimlagte op hulle gesigte. Mia maak eers of sy nie agter kom dat hulle haar benader nie.

SANDRA (CONT'D)

Welkom terug, Mia.

Created using Celtx

JANÉ
Lekker lank weg gewees...Ons het jou
gemis, jong.

Dan draai Mia met 'n geforseerde glimlag om.

MIA
Dankie.

Beat.

Stilte.

Dis ongemaklik stil tussen hulle. Sandra en Jané probeer om met Mia oogkontak te vermy deur rond te kyk.

JANÉ
(uitdruklik)
Ag, ons is so jammer dat dinge nou nie
vir jou uitgewerk het nie.

Mia hou haar koffiebeker stywer vas.

JANÉ (CONT'D)
Henko het vinnig aanbeweeg..."Onwards
and upwards" as they say!

Beat.

Stilte.

SANDRA
Sterkte met jou eerste dag terug.

Jané peuter met lint tussen haar vingers wat sy gebruik om die ballonne vas te maak.

JANÉ
(loop weg, maar draai terug)
Skies man, ons hou vanmiddag na skool
Yolanda se *Bridal Party*. Ons sal
verstaan as jy nie wil kom nie, as
dinge nog te rou is. *Sorry* hoor.

SANDRA
Ons het sommer jou *Bride to be sash*
uit die stoor gaan haal, ek hoop nie
jy gee om nie?

Mia haal diep asem en skud haar kop. Jané en Sandra loop na die ander kant van die personeelkamer om verder te versier.

Created using Celtx

Soos Mia omdraai om uit te loop, spat haar koffie op die persoon waarin sy vasstamp. GERHARD, laat 20s, 'n Graad 5 onderwyser met 'n netjiese knopies hemp aan, vat 'n tree agtertoe en lag vir Mia. Mia se mond val oop.

GERHARD

Is dit hoe jy jou terugkoms aankondig?

Hy gryp 'n paar servette en probeer die koffie vlek op sy hemp droogmaak.

MIA

Ek is so jammer!

Hy lag nogsteeds en skud sy kop.

MIA (CONT'D)

Hoekom *sneak* jy?

GERHARD

Wie *sneak*? Jou gesig was *priceless*...

Mia kyk na sy gevlekte hemp.

GERHARD (CONT'D)

Dis niks, ek het 'n spaar hemp...Stap saam?

Mia knik en volg Gerhard agterna.

INT. GERHARD SE KLASKAMER - DAG

Daar is omtrent net twee slukke van Mia se koffie oor wat nie op hom gemors het nie. Sy sluk bietjie-vir-bietjie aan dit nes sy by die klaskamer instap. Gerhard stap reguit na 'n kas, in die hoek van die klaskamer, toe en trek sy knopies hemp uit. Hy het 'n wit T-hemp onderaan. Mia kan nie help om vinnig na sy gespierde bo-lyf te kyk nie, voor sy haar oë wegrem en by die venster uitkyk.

GERHARD

Ek het 'n paar keer probeer bel.

MIA

Ek weet.

Beat.

Created using Celtx

GERHARD

Dit sal lekker wees om antwoorde op my vrae te kry...wat ek seker op sewentien *voicemails* gelos het.

MIA

(glimlag, wys met haar vingers soos sy die nommer van die vrae beantwoord)

Ja, ek is okay. Nee, ek wil nie sy huis met toilet papier bedek nie. Ja en nee oor of ek opgewonde is om terug te kom.

Gerhard trek 'n ander knopies hemp bo-oor sy T-hemp aan en begin vasknoop.

GERHARD

Ah! So jy het na my boodskappe geluister.

(beat)

Ek is opgewonde dat jy terug is.

Mia kyk skielik weg.

GERHARD (CONT'D)

Veral omdat ek jou nou 'n koffie skuld.

Hy verwys na die gebondelde hemp in sy hande en knip vir haar oog. Mia lag verleë.

Die klok lui.

Mia skeep asem en draai in die rigting van die deur.

GERHARD

Mia,

(beat)

ek is regtig opgewonde dat jy terug is. Moenie jou aan hulle steur nie. Hulle wêreld is maar klein.

Mia glimlag en loop by die klaskamer uit.

INT. LAERSKOOL/MIA SE KLASKAMER - DAG

Mia keer na haar klaskamer terug met haar leë koppie in hand. Erik is nie daar nie. Mia kyk na die dak en haar oë vul met trane. Sy haal diep asem.

Created using Celtx

Erik bars binne die klaskamer in.

ERIK (O.S)
 Hierdie is 'n goeie skool...baie goed
 ingerig.

Mia draai haar rug teen hom en vee haar trane af.

Erik wag vir Mia om op sy opmerking kommentaar te lewer, maar sy doen nie. Hy sien dan dat haar rug teen hom gedraai is. Mia maak asof sy besig is om iets in 'n laai uit te sorteer.

ERIK (CONT'D)
 Mia?

Beat.

MIA
 Dis niks.

Mia vee 'n traan af. Erik karring nie verder nie. Hy gaan sit op een van die tafels naby haar lessenaar.

MIA
 (mompel vir haarself)
 Plastiek juffroutjies met perfekte
 klein wêreldjies. Mans om
 halsbandjies...
 (mok Jané se stem)
 Henko het gou aan beweeg...pffft.

Erik kyk effens ongemaklik na Mia tydens haar monoloog.

MIA (CONT'D)
 (in haar normale stem)
 Ja Jané, *onwards and upwards*...Wil jou
 dit sien doen as jy soos 'n poephol
 voor die kansel gelos word...

Erik maak sy keel skoon.

Dan onthou Mia dat sy nie alleen is nie.

MIA
 Nou sê jy niks?

ERIK
 Ek was nie seker of ek deel van die
 gesprek was nie.
 (beat)
 Moenie jou aan die opinies van skape

steur nie.

Mia sug hardop.

Die klok lui en die skarrelende voetstappe van die kinders kan van buite gehoor word.

INT. LAERSKOOL/MIA SE KLASKAMER - DAG

Die klaskamer is nou gevul met sewentien GRAAD 5 LEERLINGE gekleë in die skool se donkerblou uniform. Hulle sit netjies in hulle bankies en wag vir Mia om hulle name uit te roep. Mia hou 'n knipbord in haar een hand vas en 'n pen in die ander. Sy merk die name af.

MIA

Rohaan?

ROHAAN, 'n sportiewe seun, sit voor in die klas.

ROHAAN

Hier!

Mia knik haar kop.

MIA

Bianka?

BIANKA, 'n meisie naby aan die deur antwoord.

BIANKA

Hier!

Mia merk op die bord af.

MIA

Wian?

Beat.

Stilte.

Mia kyk van die knipbord af op en loer in die klaskamer rond.

MIA

(hoër stemtoon, sing amper)

Wian?

WIAN, 'n skaam seuntjie gekleë in 'n uitgerekte langmou trui sit aan die agterkant van die klas en lê met sy kop op sy arms. MART-MARIE, die meisie wat voor hom sit, draai om en

Created using Celtx

tik aan hom. Hy skrik en sit regop.

WIAN

Huh?

Al die oë in die klaskamer is op hom gemik, behalwe Erik s'n
- wat op Mia gefokus is.

MIA

(vriendelik)

Wian, is jy teenwoordig?

WIAN

Oh, uh ja juffrou, jammer juffrou.

Mia frons en merk sy naam af. Sy sit die knipbord op haar
lessenaar neer.

MIA

(vriendelik)

Welkom terug Graad 5's. Soos julle
weet, is ek Juffrou Buys en ek sien
baie uit om die res van die jaar saam
met julle aan te pak. Ek is net so
nuuskierig om te hoor wat julle alles
hierdie vakansie aangevang het.

(wys na die witbord)

Ons gaan sommer dadelik aan die werk
spring. Kry julle skryfboeke uit en
skryf vir my drie paragrawe neer oor
wat julle die vakansie gedoen het.

Die leerlinge haal hulle boeke en potlode uit hulle tasse en
begin om te skryf.

INT. LAERSKOOL/MIA SE KLASKAMER - DAG

Die klok lui vir pouse en die leerlinge verlaat die
klaskamer. Wian pak stadig op en loop met sy kop af na die
voorkant van die klaskamer.

ERIK

(aan Wian)

Hey Buddy, is jy okay?

Mia se oë rek en skud haar kop.

Wian hou net aan om by die klaskamer uit te loop. Hy het nie
vir Erik gehoor nie.

Created using Celtx

ERIK
 Hoekom ignore-

Hy besef.

ERIK (CONT'D)
 Oh, simpel. Ek's 'n spook.

Beat.

Erik staar in gedagte by die venster uit. Mia kan sien dat hy ontsteld is.

MIA
 Dalk moet jy bietjie gaan *explore*. Ek het inelkgeval werk om op te vang en ek dink jy sal verveeld wees in die klas saam met my.

Mia sit by haar lessenaar en haal 'n boek uit haar laai uit. Sy begin om met 'n rooi pen notas te maak.

ERIK
 Is dit *code* vir 'los my uit'?

Mia gee vir Erik 'n kyk.

Stilte.

ERIK
 Ek kort seker ook 'n pouse, al hierdie skoolwerk is regtig uitputtend.
 (sarkasties)
 Dis veral moeilik as jy so 'n streng juffrou het.

Erik loop uit die klaskamer, en wanneer Mia sien dat hy ver genoeg by die gang af is, haas sy na haar sak toe en haal haar foon uit. Sy maak haar *Facebook* op Erik se profiel oop.

Daar is 'n nuwe *post* van Erik se ma, Janine, waarin hy *ge-tag* is. Mia begin dit saggies te lees.

MIA
 (lees)
 Hi almal, nog niks nuus nie. Die polisie is nogsteeds opsoek na die bestuurder. 'n Privaat begrafnisdiens sal vir Erik hierdie Woensdag, die 4de Augustus, by die NG Kerk Randburg om 15:00 plaasvind.

Created using Celtx

MIA (CONT'D)

(haal diep asem)

Ek vra weer, as enige iemand enige
 iets weet wat tot die identiteit,
 arrestasie en skuldigbevinding van die
 bestuurder kan lei, kom asseblief te
 vore. Daar is 'n beloning.

Mia sak haar kop in haar hande.

Daar is 'n KLOP aan haar klaskamer deur. Haar kop skiet
 regop, en sy gooi haar foon terug in haar handsak.

GERHARD

Is jy nie op speelgrond diens vandag
 nie?

Mia se oë rek en sy spring uit haar stoel uit op.

MIA

Shit!

Gerhard gee pad dat sy vinnig deur kan kom.

GERHARD

Dis nou nie die woordeskat om in 'n
 skool te gebruik nie - en sy's weg.

EXT. SKOOLGROND - BUIITE

Kinders hardloop en speel buite. Party kinders sit en eet.
 Mia leun teen die muur en hou 'n ogie op die kinders.

Sy sien dan vir Wian met 'n klomp ander groter kinders. Die
 kinders mompel te sag om te hoor wat hulle sê maar hulle
 lyftaal beduie dat hulle nie vriendelik is nie. Wian kyk af.
 Die een seun spot vir Wian in 'n vreemde stem.

MIA

(kwaai)

Hey!

Die groter kinders hardloop weg.

MIA (CONT'D)

Wian!

Sy beduie met haar vinger dat hy moet nader kom. Wian
 gehoorsaam.

MIA (CONT'D)

Is alles reg?

Created using Celtx

Wian skud sy kop. Wanneer Wian naby genoeg aan haar staan, sien sy dat sy arm met bloukollie wat nes vingermerke lyk, bedek is. Wian besef dat sy dit raak sien, snak na sy asem en trek sy mou tot oor sy hand af.

MIA
(bekommerd)
Wian, het daardie kinders dit aan jou
gedoen?

WIAN
(huiwerig)
N-nee, Juffrou. Ek, ek het...uh geval.

MIA
Is jy seker dis al? Jy kan met my
praat.

Die klok lui en Wian wag angstig vir Mia om te wys dat hy kan gaan. Sy knik vir hom.

EXT. BUIITE/SKOOL PARKEER AREA - DAG

Mia pak al haar sakke in haar kar. Erik kom staan langs haar.

ERIK
Mia.

MIA
Oh daar's jy! Ek het jou van pouse af
nie gesien nie.

Beat.

Erik kyk af, duidelik ontsteld.

ERIK
(sag)
Jy moet my help asseblief. Ek het
uitgevind hoe ek dood gegaan het, maar
ek is nogsteeds hier.

Mia vryf haar hande oor haar gesig. Sy kyk rond om te sien of iemand gaan sien dat sy met die wind praat.

MIA
(sag)
Erik, ek weet nie hoe om jou te help
nie.

Created using Celtx

ERIK

Ons kan dit *uitfigure*.

(oortuigend)

En dan kan ek jou help met iets...Dalk
 is dit hoekom ek verbind is aan jou?
 Sodat ons mekaar kan help?

Mia tik haar voet op die vloer en vou haar arms.

MIA

(geïnteresseerd)

Waarmee gaan jy my help?

ERIK

Enige iets! Sien dit asof ek 'n *genie*
 is en ek verleen een wens aan jou.

Beat. Mia dink.

MIA

As jy my help met iets...watokal ek
 wil hê...sal ek jou help met een ding.

ERIK

(glimlaggend)

Dis 'n begin! *I'll take it!*

MIA

Wat het jy in gedagte?

EXT. STRAAT/DELORIS THE PSYCHIC SE STALLETJIE - DAG

Mia en Erik staan voor 'n stalletjie langs die pad.

OP DIE stalletjie

staan daar:

"Deloris the Psychic

Palm Reads

Tarot Cards

Love, Marige, Money

Connecting with spirits

100% guaranteed accuracy"

Daar is ook 'n neon advertensiebord wat op die stalletjie

Created using Celtx

hang wat sê "psychic".

Mia se frons vorm duidelik op haar voorkop. Erik staan regop, tevrede met sy keuse.

MIA

Marriage is verkeerd gespel.

ERIK

Nie almal is onderwysers nie, kom.

MIA

Hierdie is 'n *stupid* idee.

(fluister)

Erik, hierdie is *dodgy*. Kyk hoe lyk hierdie stalletjie. Hoe weet jy dat ek nie vermoor of beroof gaan word nie? Jy gaan my nie kan help as ek aangeval word nie. Jy is 'n spook.

ERIK

Dankie vir daardie herinnering...Ek belowe, die oomblik wat iets nie reg voel nie, loop ons. *Okay?*

Mia kyk weg. Sy lig haar skouers en knik haar kop.

EXT. DELORIS SE STALLETJIE - DAG

Voor die stalletjie is daar plastiek stoele in 'n ry geplaas. Erik loop daarna toe en sit op een. Mia rol haar oë, maar volg agterna, onwillig. Hulle is volgende in die ry.

'n Paar oomblikke later kom sit 'n 40-jarige vrou met lang, swart hare langs Mia. Sy het 'n vloeiende rok aan wat kenmerkend deur kuns onderwyseresse gedra word. Sy kyk vir Mia. Mia kyk terug en glimlag met stywe lippe.

VROU

(leun nader aan Mia)

Eerste keer?

Mia glimlag ongemaklik.

VROU

Deloris is die beste. Ek kom al vir jare na haar toe! Sy help my met enige iets, en toe my man oorlede was, kon sy presies sê wat met hom gebeur het voor ek enige iets vir haar daarvan gesê het. Haar psigiese kragte is bo

my verstand.

Die vrou draai haar liggaam om tot aangesig met Mia te wees. Sy vee Mia se hare agter haar oor. Mia se gesig is spierwit.

MIA
 (onseker)
 D-dankie.

ERIK
 (opgewonde)
 Hierdie is fantasties! Sy gaan ons kan help. Voor ek vergeet...

Erik haal 'n diamant-stud uit sy broeksak en plaas dit in Mia se hand. Die oorbelt is Anja s'n wat Mia verloor het. Mia herken dit dadelik.

MIA
 W-wat is dit? Waar kom dit vandaan?

ERIK
 Dit was in my sak gewees toe ek by jou woonstel aangekom het. Ek wil hê jy moet haar daarvoor vra.

MIA
 Maar wat-

Die wag, gekleë in 'n swart pak, stap by die stalletjie uit. Hy gluur vir Mia en die leë stoel langs haar. Hy skuif sy sonbrille by sy neus op. Dan vou hy sy arms.

DIE WAG
Next!
 (vir Mia)
Deloris will see you now.

Erik spring op. Mia sluk hardop en volg stadig agterna.

Net voor hulle verder instap, lig die Wag sy hand voor Mia.

DIE WAG
Your session ends in fifteen.

Mia knik haar kop en dan stap sy en Erik verder.

INT. DELORIS SE STALLETJIE - DAG

In die middel van die stalletjie is daar 'n tafel wat 'n kristal bal op het. Agter dit sit DELORIS, vroeë veertigs,

gedrapeer in 'n vloeiende pers rok. Sy dra 'n blou korset bo-oor. 'n Helder, pers kopdoek is om haar kop gedraai. Daar is twee stoele aan die ander kant van die tafel.

DELORIS
 (rustig)
English or Afrikaans?

Mia sê niks.

ERIK
 Antwoord haar.

MIA
 (fluister)
 As sy 'n regte *psychic* is moet sy mos weet.

Erik gee vir Mia 'n kyk. Deloris leun vorentoe soos wat sy vir 'n antwoord wag.

MIA (CONT'D)
 Afrikaans.

Erik kom staan voor Mia.

ERIK
 Mia werk saam toe.

Mia sak haar kop en vryf haar oë.

MIA
 (hande in die lug)
Okay, okay.

Erik knik sy kop en glimlag tevrede. Deloris, wat nog die heeltyd vir Mia aandagtig dophou, wys vir haar om te sit.

DELORIS
 Waarmee help ek jou vandag? 'n Liefdes spel, jou toekoms vertel, kaarte lees, gelukkige nommers?

MIA
 Kan jy met...spoke kommunikeer?

DELORIS
 (giggel)
 As hulle wil, ja. Is dit wat jou pla?
 'n Spook?

Created using Celtx

ERIK
Vertel haar wat aangaan.

MIA
(vir Deloris)
Sê jy my.

Beat.

Erik sug hardop en vryf sy hande teen mekaar.

DELORIS
Goed dan, kom ons kyk wat sê hierdie
bal van my.

ERIK
Mia ons het net vyftien minute.

MIA
(fluister vir Erik)
Shh...

Deloris kyk op.

DELORIS
Ons is nie alleen nie, is ons skat?

Mia en Erik se koppe skiet op, hulle kyk na mekaar met groot
oë.

Beat.

MIA
Wat sê jou bal?

Deloris lig haar wenkbroue en draai haar hande om die kristal
bal.

DELORIS
Ek sien 'n jong dame saam met 'n klomp
kinders...Werk jy met kinders?

Mia gluur na Deloris.

DELORIS
Hmmm. Ek sien 'n wit rok wat weggegooi
is...ek sien baie hartseer, 'n ongeluk
en baie bloed.

Mia se hande begin bewe.

Created using Celtx

DELORIS (CONT'D)

Oh! Ek voel 'n entiteit hier saam ons.

Erik glimlag breed.

ERIK

Sien! Sy is legit.

Sweet verskyn liggies op Mia se bo-lip. Sy vee dit af.

DELORIS

Haai, dis interessant.

MIA EN ERIK GELYK

Wat?

DELORIS

Die entiteit is vredeliewend.

Beat.

ERIK

Vra wat anders sy van my sien.

MIA

(wys haar hand na Erik)

Wat sien jy van die entiteit?

DELORIS

Hy was jonk...sy lewe het skielik gestop.

(sy kyk vir Mia vir 'n reaksie)

Hy het jou hulp nodig. Sonder jou kan hy nie aanbeweeg nie.

MIA

(frustreerd)

Kan jy hom nie net toor of iets nie?

Kan jy nie 'n wit lig maak verskyn

sodat hy my net kan uitlos nie?

Erik sak in sy stoel. Hy lyk nie meer optimisties nie. Hy vou sy arms voor sy bors.

DELORIS

Ek's jammer my skat, dit werk nie so nie. As 'n spook of gees aan iemand verbonde is, dan beteken dit hulle het 'n spesiale konneksie met daardie persoon. Hy sal nie kan aanbeweeg totdat hy sy doel hier op aarde gedien

Created using Celtx

het nie, maar omdat hy 'n spook is,
kan hy dit nie alleen doen nie.

ERIK
(vir homself)
Die doel is seker om uit te vind wie
dit aan my gedoen het. Vra haar oor
die oorbelt.

Mia vou haar hand wat die oorbelt vashou, oop. Sy kyk vir 'n
ruk daarna, huiwerig om dit vir Deloris te wys.

MIA
(druk haar hand toe)
Vertel my meer oor die wit rok.

Erik staan op, gatvol. Hy gooi sy arms in die lug.

DELORIS
(knik haar kop)
Dit lyk soos 'n trourok. Daar sou 'n
trouwe wees. Maar...ek sien die man in
die verhouding het toe met iemand
anders getrou.

Deloris frons.

MIA
(sit vorentoe)
Wat is dit, wat sien jy?

DELORIS
Ek sien 'n groot, swart wolk wat oor
jou hang.

Erik kyk na Mia, vies, maar met bejammerende oë.

DELORIS (CONT'D)
Dit gaan beter raak. Jy sal weer
liefde vind. Ek doen ook liefdes
spelle as jy belangstel. Dis 'n ekstra
R1000.

MIA
Nee, dankie. Wanneer gaan ek weer
liefde vind?

DELORIS
Sodra jy leer om te laat gaan.

Created using Celtx

MIA

Van wat?

DELORIS

Die wolk is 'n simbool van iets wat
jou terug hou. Laat daarvan gaan en
die wolk sal verdwyn. Dalk sien jy hoe
mooi alles vir jou in plek val...

ERIK

(frustreerd)

Mia, kom tot by die punt. Jy kan op
jou eie tyd kom om jou *issues* uit te
sorteer. Die oorbelt, nou!

Mia ignoreer Erik en gooi die oorbelt in haar handsak en zip
dit toe.

MIA

Wat van my loopbaan? Enige
vooruitsigte?

DELORIS

My mens, ek sien net die rok en die
wolk...alles anders is daar agter
versteek.

Erik, woedend, storm oor na Mia toe.

ERIK

Wat is fout met jou? Jy is so
selfsugtig!

Erik storm by die stalletjie uit.

Mia besef sy het 'n fout gemaak. Voor sy agter Erik kan aan
hardloop, gryp Deloris haar arm.

DELORIS

(fluister)

*"The first secret of getting what you
want, is knowing what you need."*

Mia kyk skielik terug na Deloris.

DELORIS (CONT'D)

Party geheime kan geheime bly.

Mia frons, skud haar kop frustreerd en storm uit.

Created using Celtx

DELORIS (CONT'D)
 (roep agterna)
 Wat van kristalle? Kerse? 'n
 Liefdespel!

EXT. STRAAT/DELORIS THE PSYCHIC SE STALLETJIE - DAG

Mia bêre haar beursie, vererg.

MIA
 R600!
 (onder haar asem)
 Belaglik.

Mia stap na haar kar toe. Erik sit klaar binne die kar. Mia klim in en slaan haar deur hard toe. Hulle is ewe geïrriteerd met mekaar.

INT. MIA SE KAR - DAG

MIA
 Jy skuld my R600.

ERIK
 Ek skuld jou niks.

MIA
 Ekskuus?!

ERIK
 Jy's so selfsugtig! Ek wil net uitvind wat met my gebeur het...maar jy weier om my te help.

MIA
 Hoekom is dit my verantwoordelikheid om jou te help? Ek het my eie probleme!

ERIK
 Jou probleme? Jy lewe Mia! Ek is dood en al wat ek wil hê, *my last dying wish*, is om aan te beweeg na waarok al ek volgende moet wees.

MIA
 Solank dit net weg van my af is.

ERIK
 (sag, maar hard genoeg dat sy hoor)
 Dit sal wees. Ek gaan hemel toe.

Created using Celtx

Beat.

Stilte.

Mia begin om by die pad af te ry.

INT. WOONSTEL/MIA SE SLAAPKAMER - AAND - LATER

Mia sit op haar bed, in haar slaapkamer. Sy staan op en kyk buite haar venster.

Erik sit op die stoepie op 'n hout bankie. Hy rus sy kop op sy gevoude arms. Sy gesig is bleker as gewoonlik.

Mia sug en hang haar kop laag. Sy gaan sit weer op haar bed en haal 'n dagboek by die laai van haar bedkassie uit. Sy skryf die datum bo-aan. Die vorige inskrywing was vir 30 Julie gedateer.

Sy sug hardop en rus haar kop op haar vuus. Sy sukkel om aan die skryf te kom, maar sodra sy begin, hou sy nie op nie.

Mia skryf in haar dagboek:

MIA (V.O)
 (soos sy skryf)
 Ek weet ek moet hom help, maar ek is bang. Ek voel skuldig. Ek is skuldig. Ek wens daar was 'n manier dat ek hom kon help en my sin kry.

Mia kyk op, sy dink terug na Deloris.

DELORIS (V.O)
"The first secret to getting what you want, is knowing what you need."

Mia se oë rek groot. Sy spring uit die bed en plak voor haar lessenaar neer. Sy maak haar skootrekenaar oop en sit dit aan. Terwyl sy wag, tik sy haar vingers op die sleutelbord, maar raak nie aan enige letters nie.

MONTAGE

- Op Mia se skerm verskyn 'n helder agtergrond van 'n see toneel. Mia maak 'n soekenjin oop. Sy tik die letters, teen die spoed van lig, op die sleutelbord - asof sy nie tyd kan mors om vir 'n antwoord te wag nie.

IN DIE SOEKENJIN

Created using Celtx

tik sy:

'How does a ghost stuck on earth move on to the afterlife'

Sy kliek op 'n link met die opskrif "Beyond Death: Transition and the Afterlife". Mia kyk vlugtig deur die artikel. Sy maak die artikel toe en keer terug na 'Google' toe.

IN DIE SOEKENJIN

tik sy:

'What to do when a ghost is attached to you'

Sy maak oop 'How to get rid of ghosts haunting you'.

OP DIE WEBBLAD

staan daar:

1. Cleanse the space.
2. Speak up.
3. Take a stand.'

- Mia skud haar kop en maak 'n ander artikel oop.

'How to deal with being ghosted'

'n Klomp vreemde tabs begin oopspring. Haar oë skarrel rond om by te hou met al die advertensies wat by die skerm op pop. Sy maak 'Task Manager' oop en kanseleer alles wat op haar skerm oop is.

- Mia vryf haar gesig met haar hande, duidelik frustreerd. Sy haal diep asem en maak weer 'Google Chrome' oop. Haar vingers tik die keer stadiger op die sleutelbord asof sy meer versigtig en spesifiek is vir wat sy soek.

OP DIE WEBBLAD

tik sy:

'How to help a ghost or spirit move on to the afterlife'

Sy 'scroll' verby verskeie artikels:

'Dealing with the grief of losing a loved one'

'What does the afterlife look like and what do spirits do'

Created using Celtx

'How the god you worship influences the ghosts you see'

Uiteindelik kom sy by 'n artikel wat haar aandag trek.

Sy kliek op die *link* en dit maak 'n dokument oop.

Die opskrif lees:

"Helping Departed Loved Ones Cross"

- Mia lees stadig deur die artikel.

'Reasons People Might Stay Earth Bound'

Ons sien die sleutelwoorde van die artikel wat vir haar uitstaan.

'When strongly-bonded loved ones are unable to let go of the deceased...the spirit cannot move into the light...

'strong negative feelings... transition of death...

'retribution for misdeeds...

'a curse or hex...

'having unfinished business...once they are at peace they can cross over...

Mia trek 'n laai oop en begin om notas in 'n boekie te maak.

EINDE VAN MONTAGE.

INT. WOONSTEL/MIA SE SLAAPKAMER - DAG

Mia slaap in haar bed. Dis lig in haar kamer. Sy hoor 'n gefluit van buite af wat haar wakker maak. Sy vee haar oë skoon en kyk by die venster uit.

Sy sien Erik op die stoepie sit en fluit.

Haar oë versag. Sy kyk na die notaboekie waarin sy die vorige aand geskryf het.

EXT. WOONSTEL/STOEPIE - DAG

Wanneer ons Mia op die stoepie sien uitloop, is sy in 'n netjiese, ligte blou baadjie en 'n swart denim aangetrek. Erik sit op die houtbankie, hy het nog nie beweeg van tevore nie. Hy kyk nie na haar nie.

Created using Celtx

MIA

Hey.

Erik knik.

MIA (CONT'D)

Kan ek sit?

Erik knik sy kop vir 'n 'ja'. Hy vermy nogsteeds oogkontak.

MIA (CONT'D)

Ek's jammer oor gister...Ek was selfsugtig. Jy verdien dit nie.

Beat.

Stilte.

MIA (CONT'D)

Ek kan nie eers indink hoe aaklig dit moet wees om op aarde vas te sit met iemand soos ek nie.

ERIK

(kry homself jammer)

Ek weet nie eers wanneer my begrafnis is nie.

MIA

Môre drie-uur, Randburg.

Erik is verbaas maar hy knik sy kop. Mia sit die notaboekie op die bankie neer.

MIA (CONT'D)

Om jou te help, het ek bietjie navorsing gaan doen.

Sy skuif die notaboekie oor na waar hy sit. Erik kyk uiteindelik op na Mia. Hy tel die boekie op en blaai deur. Hy stop by 'n bladsy.

IN DIE BOEKIE

geskryf:

'Erik se aanbeweeg na die hiernamaals to-do lysie'

MIA (CONT'D)

'n Paar *dodgy sites* later het ek 'n lysie opgestel met alles wat ek dink

Created using Celtx

ons kan doen om jou te help aanbeweeg.

Erik bly stil.

MIA (CONT'D)

Daar was een artikel wat *legit* genoeg was.

ERIK

(lees)

Erik se aanbeweeg na die hiernamaals to-do lysie.

(vir Mia)

Nogal's 'n mondvul.

MIA

(lig haar wenkbroue)

Dis 'n *working title*.

ERIK

(lees)

Nommer een-

MIA

Jy moet vrede maak met die feit dat jy dood is, jy moet ontslae raak van enige negatiewe gevoelens daaroor.

ERIK

Ek weet nie Mia, party van hierdie is vreemd. Hoe weet ons dit gaan kan help?

MIA

Ons doen nie. Hou aan lees.

Beat.

ERIK

(lees)

Nommer twee-

MIA

(val hom in die rede,
selfversekerd)

As jy enige *unfinished business* het moet jy dit afhandel, byvoorbeeld as daar iets is wat jy nog altyd wou doen, ensovoorts.

Beat.

Created using Celtx

Erik lig sy wenkbroue hoog. Sy beduie met haar hand dat hy moet aanhou lees.

ERIK
(lees verder)
Nommer drie.

Die keer wag Erik vir Mia om te praat voordat hy weer in die rede geval word.

MIA
As daar geliefdes van jou is wat nie kan aanvaar dat jy dood is nie, kan dit jou terug hou. Byvoorbeeld, as 'n ouer sukkel om jou dit, en by 'dit' bedoel ek 'jou dood' te aanvaar.

ERIK
(hy vat 'n oomblik)
Dis 'n moeilike een.
(beat, hy kyk na die volgende nommer)
Mia eks nie ge-curse nie.

MIA
Dan kan ons dit van die lysie afhaal, ek wou net seker maak.

Erik glimlag vir Mia.

ERIK
Dankie.

MIA
Dis die minste wat ek kon doen.
(beat)
Jy moet vandag bietjie dink...wat is daar wat jy nog altyd wou doen? Moet iemand jou vergewe? Word wrokke gekoester? En ons moet na jou begrafnis toe gaan.

ERIK
Jy's definitief 'n onnie...

MIA
(laggend)
Praat van! Kom. *First things first:*
skool.

INT. MIA SE KALSKAMER - DAG

Mia se klas is leeg en sy merk papiere by haar tafel. Erik is nie in die klaskamer nie. Daar is 'n KLOP aan haar deur. Wian staan langs die deur. Hy lyk vroliker as wat ons hom laas gesien het.

MIA

Oh, Wian! Kom maar in.

WIAN

Môre Juffrou.

WIAN

Juffrou Jacobs het gesê juffrou soek my.

MIA

Ja, ek wil net weet hoe dit vandag met jou gaan. Gister was jou aandag bietjie afgetrek.

WIAN

Jammer juffrou, dit gaan goed.

MIA

Dis goeie nuus.
(sien die nuwe bloukollie op sy arms)
Het jy weer geval?

Mia wys na die nuwe bloukollie.

WIAN

(sukkel vir sy woorde)
Uh, ek en my..en, uh- dit was nie die kinders van gister nie, Juffrou...

MIA

Wie was dit dan?

WIAN

(bewerig)
Uh Juffrou, ek is...speel maar net...rof...

MIA

(direk)
Is alles reg by die huis Wian?

Wian hou sy kop laag en sy mond hang oop maar geen woorde kom

Created using Celtx

uit nie. Daar is 'n skielike verandering in sy gedrag, van angstig na verdedigend.

Beat.

Hy knik sy kop vinnig.

Beat.

MIA

Is jy seker? Jy weet jy kan enige tyd-

Wian kyk op en sluk hardop.

WIAN

(val haar in die rede)

Ja, Juffrou.

Mia kyk vir 'n paar sekondes in Wian se oë, soekend vir die waarheid.

MIA

Nou goed, sien jou laaste periode vir Wiskunde.

Mia gluur na hom totdat hy die klaskamer verlaat, dan merk sy verder. Erik kom na binne die klaskamer.

ERIK

En nou dat jy so aandagtig staar?

MIA

Wat is die proses as mens dink dat iemand mishandel word?

ERIK

Iemand, soos?

MIA

Enige iemand, vrou, kind...

ERIK

Hoekom vra jy?

MIA

Ek het op Facebook gesien dat jy 'n prokureur is, uh...was...skuus...Ek vra maar net...ek's nuuskierig.

ERIK

So jy het my gaan *stalk*?

Created using Celtx

Mia lig haar skouers hoog.

ERIK (CONT'D)

Dit hang af. As jy of 'n vriendin of 'n dier mishandel word is dit 'n ander proses as 'n kind. Byvoorbeeld, as 'n kind in jou skool mishandel word, moet jy dit as onderwyseres rapporteer. Dis maar dieselfde as 'n kind geboelie word, maar net op 'n hoër vlak.

MIA

(bekommerd)

So ek rapporteer dit en dan wat? Roep ons die ouers in en praat met hulle?
(las vinnig by)
Hypothetically natuurlik...

ERIK

Nee, jy meld dit by die hoof aan en dan moet jy wag; dis die hoof se verantwoordelikheid om dit verder te vat.

MIA

(frustreerd)

Wag? Wat bedoel jy, wag?

ERIK

Sodra jy dit aangemeld het, is dit nie meer jou verantwoordelikheid nie.

Mia frons, ontevrede met sy antwoord.

ERIK (CONT'D)

Ek begin te dink hierdie is nie net 'n hipotese nie?

Mia bly stil.

ERIK (CONT'D)

(saggies, oortuigend)

Ek ken al die kinderwette...

Beat.

Mia kyk die kamer rond, asof sy soek vir wat sy volgende gaan sê.

MIA

Sal jy saam met my kom?

Created using Celtx

INT. LAERSKOOL/SKOOLHOOF SE KANTOOR - DAG

Mia en Erik sit op leerstoele in die skoolhoof se kantoor. Die kantoor is omring deur donkergroen mure en donker hout boekrakke. In die middel van die kamer is 'n groot lessenaar met 'n rekenaar skerm daarop.

MIA
 (fluister)
 Jy sal my help as ek vashaak, nè?

ERIK
 (fluister terug)
 Desperaatheid lyk nie goed op jou nie.

Beat.

Mia lig haar wenkbroue hoog.

MIA
 (fluister onder haar asem)
Desperate times...

ANDRÉ (O.S)
 (frons)
 Met wie praat jy, Mejuffrou?

Die skoolhoof se kantoor deur swaai oop. Mia skrik en kyk op. ANDRÉ VAN RENSBURG, 'n middeljarige, kaalkop man met dik wenkbroue staan penorent by die deur. Hy het 'n swart pak oor 'n diep-gekleurde pers, paisley kraaghemp aan.

MIA
 Ek, uh, praat sommer met myself.

André gaan sit op sy stoel agter die lessenaar, oorkant van Mia en Erik.

ANDRÉ
 (kyk uit na die verte)
*When you talk to yourself, you always
 get the answer you want.*

Mia glimlag met stywe lippe, en laat 'n ongemaklike giggel uit. André leun terug op sy kantoor stoel en sit sy hande teen mekaar asof hy gaan bid.

ANDRÉ (CONT'D)
 (direk)
 Nou dame, wat kan ek vandag vir jou doen?

Created using Celtx

Mia maak haar keel skoon voordat sy begin praat.

MIA

Ek is bevrees ek glo dat Wian Scholtz,
in Graad 5, moontlik by die huis
mishandel word.

ANDRÉ

(streng)

Dit is 'n ernstige bewering om te
maak, Mejuffrou.

MIA

Meneer kan my maar net Mia noem.

(beat)

Ek weet, en ek vat dit nie ligtelik op
nie, Meneer. Wian is glad nie gefokus
op skool werk nie en hy het in die
klas aan die slaap geraak en...

ANDRÉ

(val haar in die rede)

Dit was vakansie, dalk is hy net nog
nie gewoond aan sy nuwe slaap roetine
nie. Die kinders van vandag spandeer
hulle tyd om tot laat in die aande
games te speel en *videos* te kyk.

Mia knik haar kop. Haar hande bewe. Sy vorm haar hande in
vuiste en plaas hulle op haar skoot. Erik plaas sy hand op
Mia s'n. Sy bedaar haar vuiste.

MIA

Dis nie onmoontlik nie, maar hierdie
is abnormaal vir Wian. Hy tree nie
gewoonlik so op nie. Hy was nog altyd
op sy skoolwerk gefokus en eweskielik
is hy teruggetrokke en angstig.

ANDRÉ

(halfhartig)

Is dit nie bietjie vinnig om op jou
tweede dag terug alreeds
gevolgtrekkings te maak nie?

Mia se wange raak rooi en haar kakebeen trek styf.

ERIK

Vertel hom van die bloukolle.

Mia skep weer moed.

Created using Celtx

MIA
 Daar is onverklaarbare bloukolle en
 kneusplekke op sy arms.

ANDRÉ
 (oppervlakkig)
 Kinders speel rof op sy ouderdom. Wat
 is hy elf, twaalf? *Boys will be boys*,
 Mia.

Haar naam klink vreemd in sy mond. Asof sy nou minderwaardig
 is, net omdat hy haar naam gebruik. Mia sluk hard, haar oë
 groot.

ERIK
 Haal asem en herhaal wat ek sê.

Mia knik haar kop vir Erik, maar André knik sy kop terug asof
 dit vir hom was.

ERIK (CONT'D)
 Met alle respek Meneer, ek is 'n baie
 goeie onderwyseres.

Beat.

Mia bly stil.

ERIK (CONT'D)
 Vertrou my.

Mia haal diep asem.

MIA
 (huiwerig)
 Met alle respek Meneer, ek is 'n baie
 goeie onderwyseres.

ERIK
 En ek kan dadelik sien as iets nie reg
 is met een van my kinders nie. Maak
 nie saak hoe lank terug ek hulle
 gesien het nie.

MIA
 (ernstig)
 En ek kan dadelik sien as iets nie reg
 is met een van my kinders nie. Maak
 nie saak hoe lank terug ek hulle
 gesien het nie.
 (saaklik)
 (MORE)

Created using Celtx

Ek weet vir 'n feit dat iets met Wian nie reg is nie. Ek gee baie om vir my kinders en neem nie hierdie ligtelik op nie. Maar, as Meneer dit ligtelik gaan opneem, dan sal ek die saak elders moet neem.

Beat.

Mia en Erik wag in spanning vir André om iets terug te sê. Hy tuit sy lippe en bestudeer haar.

ANDRÉ
(ernstig)
Is dit 'n dreigement?

Erik se oë skiet dadelik na Mia toe, bekommerd. Mia sluk weer hard, te bang om te beweeg of asem te haal.

Na 'n oomblik van ongemaklike stilte, bars André uit van die lag.

ANDRÉ
(giggelend)
Jou gesig!
(lag)
Dit was goud werd!

Mia forseer 'n glimlag.

MIA
Uh, gaan Meneer dan Wian se ouers kontak?

ANDRÉ
(lag nogsteeds)
Ja, ja. Oe, dit was nou 'n goeie een.
(ruk homself reg)
Ek sal ons sielkundige vra om met Wian te gesels en die maatskaplike werker te kontak.

Mia sug hardop van verligting en glimlag breed.

MIA
(verlig)
Baie, baie dankie Meneer! Ek waardeer dit verskriklik baie.

ANDRÉ
Plesier. Dankie vir die lekker lag. Jy

Created using Celtx

kan maar gaan.

Mia knik haar kop en loop by die kantoor uit. Wanneer Erik ook uit is, maak sy die kantoor deur agter hulle toe.

INT. LAERSKOOL/BUITE SKOOLHOOF SE KANTOOR - DAG

Mia omhels vir Erik sodra die deur toe is. Sy het 'n groot glimlag op haar gesig. Erik se oë rek wyd en sy mond val oop. Mia se omhelsing vang hom onkant. Dit vat hom 'n oomblik dan plaas hy sy arms om haar middel.

MIA

Erik, dankie. Ek weet nie wat ek sonder jou daar binne sou doen nie.

(sy trek weg)

Hy het my heeltemal onkant gevang en ek kon net nie die woorde vind nie.

Dis asof jy in my kop geklim het en net presies geweet het wat ek moet sê.

(saggies)

Regtig, baie dankie.

Hy glimlag met toe lippe.

ERIK

(verleë)

Dis niks...

Mia se gesigsuitdrukking verander na bekommernis. Erik is nie so gelukkig soos sy is nie.

MIA

En nou?

ERIK

Dis sommer, ag...dis die eerste keer wat ek iemand druk, as 'n spook.

Beat.

Stilte.

MIA

Ons moet *celebrate*! Wat's die eerste ding op ons lysie?

Erik dink.

EXT. WINKEL - DAG

Created using Celtx

Erik en Mia sit op 'n bankie voor 'n winkel. Hulle albei het roomys op 'n stokkie in hulle hande. Erik maak sy oë toe nadat hy sy eerste hap vat. Dis duidelik dat hy dit geniet. Mia kyk hom vreemd aan.

ERIK

Hmmmm!

Mia giggel.

MIA

Hierdie is eerste op jou lys?

ERIK

Ek was *lactose intolerant*, Mia.
Verbeel jou 'n lewe sonder roomys.

Erik gril.

MIA

Kan jy *brain freeze* kry?

ERIK

Nee, ek kry net meer koud as gewoonlik.

MIA

Ek dink 'n lewe sonder *brain freeze* kan vir my werk.

ERIK

(ril weer)
Be careful what you wish for.

Erik vat weer 'n hap.

ERIK

(hardop)
Hmmmm!

MIA

(lag)
Wees bly dat net ek jou kan hoor,
anders sou mense dink dat daar iets
sketchy hier aangaan.

Hulle giggel. Mia haal haar notaboekie uit haar sak en maak 'n regmerkie langs 'Doen iets wat jy nie op aarde gedoen het nie'.

Beat.

Created using Celtx

MIA
(kyk na haar horlosie)
Ons het nog tyd voor die son sak. Wat
wil jy volgende doen?

Skielik raak Erik se gesig swaar, byna donker.

ERIK
Ek wil 14de Straat toe gaan.

Mia word bleek.

MIA
Is dit 'n goeie idee?

ERIK
Jy het gesê ek moet vrede maak en
miskien onthou ek iets.

Erik bring sy skouers tot amper by sy ore op.

Beat.

Dit is stil tussen hulle en skielik het nie een meer lus vir
roomys nie.

EXT. BUIITE/14DE STRAAT - DAG

Mia en Erik staan by die ongelukstoneel.

MIA
Is jy seker dit is hier?

Erik wys op na die straat teken.

OP DIE STRAAT TEKEN

staan daar:

'14DE STRAAT'

en

'LANGEBAAN STRAAT'

ERIK (CONT'D)
Ek het die gesien toe ek op my rug
gelê het...Ek kon nie beweeg nie.

Mia byt haar lip, ongemaklik.

Created using Celtx

Beat.

Erik pas by die hoek op-en-af en inspekteer die grond. Hy lê dan plat op die pad neer, nes die ongeluk.

MIA
 Wat op aarde doen jy?

ERIK
 Ek probeer kyk of ek iets kan onthou.

MIA
 Jy lyk simpel.

ERIK
 Wie kan my sien?

Mia lag en skud haar kop.

MIA
 Ag man, staan op! Voordat jy weer omgery word.

Terwyl Erik opstaan, maak Mia se foon die geluid van 'n 'notification'.

ERIK
 (Mia hoor hom nie)
 Oef...voel nou asof 'n olifant op my bors gesit het.

Mia, nogsteeds besig om te glimlag, maak haar handsak oop en haal haar foon uit. Sy wys met haar wysvinger na Erik toe om te beduie dat hy moet wag.

Erik sit sy hand op sy bors.

OP MIA SE FOON SE SKERM

verskyn:

Instagram notification

Henkol10 has uploaded a new photo! Click here to check it out.

Mia se bewerige vinger raak nog nie aan die skerm nie, sy draai eers met haar rug na Erik toe. Haar oë is vasgenael op haar selfoon se skerm. Sy vat 'n paar oomblikke voordat sy op die 'notification' kliek. Haar foon se skerm maak *Instagram* oop.

Created using Celtx

OP MIA SE FOON SE SKERM

verskyn:

'n Foto van Henko en sy vrou voor 'n rooi-baksteen huis. Hulle glimlag breed. Die nommer 17 is op die muur van die huis geplak.

Onder die foto staan daar:

"Our forever home"

Mia knip haar oë vinnig, verward. Sy knip nog 'n paar keer om die trane terug te hou. Sy kyk op en blaas 'n lang asem uit. Erik kom agter dat iets verkeerd is.

ERIK
(bekommerd)
Mia?

Erik probeer voor Mia staan maar sy vermy oogkontak en staar na die vloer. Sy vee vinnig haar trane af.

ERIK (CONT'D)
Sê vir my wat aangaan.

Mia haal diep asem, en kyk hom in die oë. Erik sien dat sy huil. Hy kyk na haar met bekommernis in sy oë. Haar lippe bewe soos wat sy uit asem.

MIA
(sag)
My eks het met sy nuwe vrou in ons huis ingetrek.

Mia gee vir Erik haar foon sodat hy die foto kan sien. Hy kyk terug na Mia en wag vir haar om verder te praat.

MIA (CONT'D)
Hy het dit vir my gekoop.

Erik trek Mia nader aan hom en troos haar.

ERIK
Mia, jy kan nie vir ewig oor die ou hartseer wees nie. Hy verdien jou nie!

Mia skud haar kop en vee haar trane af.

Created using Celtx

ERIK

(sag)

Vergeet van hom...

(beat)

Weet jy wat, ek hoop hierdie simpel huis het 'n klomp foutiewe proppe en dat *loadshedding* hulle tref ses tot agt-dertig in die aand.

Mia lag deur die trane.

ERIK

(snak na sy asem)

Ek het 'n idee!

Erik gryp Mia aan haar arm en vat haar terug kar toe.

MIA

Waarheen wil jy nou gaan?

ERIK

Sit Henko se adres in.

MIA

Nee!

ERIK

Face your demons. Ek moes by die straat. Dis nou jou beurt.

Mia kyk lank vir Erik.

ERIK (CONT'D)

Ek is ernstig. Jy kan nie vir ewig so voel nie.

Mia sit haar kar aan en ry.

EXT. BUIITE/HENKO SE HUIS - AAND

Mia parkeer haar kar 'n entjie van Henko se huis af weg. Die sitkamer en kombuis ligte is aan.

Dit is stil in die kar.

ERIK

Kom.

MIA

Wat? Nee! Ek dog ek gaan net hier sit en *vent*, ek gaan nie in nie en ek gaan

Created using Celtx

definitief nie met hom praat nie.

ERIK
Vertrou my net.

Mia knor hardop en klim uit haar kar. Sy maak haar kardeur saggies agter haar toe, versigtig om nie aandag na haar toe te trek nie. Mia volg Erik soos wat hy na die huis toe loop. Hy loop aan die kant van die buurman se heining. Hy beduie vir haar om agter 'n boom in die voortuin, op haar hurke, te sit. Van hier af kan sy sien dat Henko in die sitkamer sit en sy vrou, ELIZE, in die kombuis skottelgoed was. Mia sluk hardop.

ERIK
Wag hier, en moenie gesien word nie.

MIA
Maar wat-

Erik stap weg van Mia af, direk na die bloedrooi voordeur van Henko se huis. Hy klop aan die deur. Elize, laat 20's, met lang blonde hare, wat in 'n poniestert vasgemaak is, en 'n gesig vol grimering, beweeg van die kombuis af na die voordeur toe. Sy maak die voordeur oop, maar sien niemand nie. Sy kyk buite rond, maar sien niks nie. Mia beweeg na die donkerste kant van die boom waaragter sy wegkruip.

ELIZE
Hello?

Erik glip verby haar by die huis in en gaan na die sitkamer toe. Elize trek haar trui se moue af. Sy kry skielik koud. Sy gril en maak die deur agter haar toe.

INT. HENKO SE HUIS/SITKAMER - AAND

Henko, met breë skouers en oefen klere aan, trap op sy binneshuise oefen fiets. Hy hou op trap en staan regop sodat hy 'n groot sluk water vat. Sweet tap van sy voorkop af. Die televisie is op die nuss ingeskakel.

HENKO
(roep na Elize)
Wie was dit, Liefie?

ELIZE
(van kombuis af)
Niemand. Seker kinders wat Tok-Tokkie speel.

Created using Celtx

Erik beweeg in die sitkamer rond en staar vir 'n ruk na Henko. Hy vorm sy hande in vuiste. Erik gaan staan voor die televisie en sit dit af. Henko kan nie vir Erik sien nie. Henko se wenkbroue lig. Hy klim van sy fiets af en voel-voel op die bank vir die *remote* en sit die televisie weer aan. Hy vee die sweet van sy voorkop met sy arm af. Uitasem, loop hy terug na sy fiets toe en klim op. Soos hy begin trap, sit Erik weer die televisie af.

HENKO

(sag)

Wat de hel?

Henko staan op en stap na die televisie toe. Hy het geen idee dat hy byna bo-op Erik staan nie. Henko kyk agter die televisie en voel-voel vir 'n foutiewe kabel. Erik sit die TV dan weer aan en stel die klank op sy hardste. Henko skrik en laat 'n gil uit. Henko sit die televisie af en frons.

Henko gaan sit op die bank en tel die koerant, wat op die koffie tafel lê, op. Hy begin lees. Erik glimlag met stywe lippe. Hy gryp die koerant uit Henko se hande en swaai dit in die lug rond. Die ligte flikker in die agtergrond.

Henko se mond val oop.

HENKO

Elize! Kom vinnig!

Henko staan penregop met bewerige bene. Elize hardloop in die sitkamer in met 'n vadoek in haar hand.

ELIZE

Wat's fout?

Henko wys met sy wysvinger na die koerant wat aan die ander kant van die sitkamer op die vloer lê.

HENKO

Die k-koerant het van self gevlieg.

ELIZE

Ha-ha, baie snaaks.

Elize verdwyn uit die sitkamer terug kombuis toe. Henko stap versigtig na die koerant toe en strek sy hand uit om dit op te tel, maar Erik gryp dit en dit vlieg weer. Henko se oë rek. Hy vryf sy hande oor sy oë en klap sy wang. Hy stap, angstig, om die koerant weer op te tel, maar die keer vlieg dit nie. Hy haal diep asem, in-en-uit, en probeer om weer rustig op die bank te sit.

Created using Celtx

Erik kyk vir Mia en dui aan dat sy hom moet dophou.

Buite die venster sien ons vir Mia, wie se mond oop hang. Sy skud haar kop en giggel. Erik sit die sitkamer se ligte af.

Henko kyk en sien die kombuislig skyn nog. Erik sit die ligte vir 'n paar keer weer aan-en-af.

HENKO
(gespanne)
Elize!

Wanneer Elize by die sitkamer kom, is die ligte weer aan. Sy het nog glad nie gesien dat hulle aan-en-af skakel nie.

ELIZE
(hande op heupe)
Ja, Liefie?

HENKO
Daar's ie-iets in die huis. Die ligte bly aan-en-af gaan, die TV het vanself klank verander en die koerant vlieg heeltyd rond.

Elize giggel.

ELIZE
Is jy op 'n *workout high* of iets?

HENKO
Elize, wag net. Iets gaan nou weer gebeur.

Beat.

Stilte.

Henko staan in spanning en afwagting vir iets om te gebeur, maar Erik doen niks. Elize probeer hard om haar glimlag weg te steek.

HENKO
Ek's ernstig!

ELIZE
Dis bietjie te vroeg vir *Halloween pranks*, my Engel...

Erik staan agter Elize en lig haar poniestert saggies op sodat dit regop staan. Elize voel dit nie en kom nie eers

Created using Celtx

agter nie. Henko se oë rek wyer.

HENKO
 (kry nie woorde uit nie)
 Ek- Jou-jou hare, uh...

ELIZE
 Ah jy't agtergekom, ja ek het bietjie
 laat knip.

Erik laat van Elize se hare gaan.

Beat.

Henko kry nie woorde uit nie. Hy is bleek.

ELIZE (CONT'D)
 (stap nader aan Henko)
 Jy lyk regtig of jy 'n spook gesien
 het!
 (lag)
 Dalk is daar 'n spook wat vir jou wil
 sê dat jy my vanaand bietjie moet
 uitvat...

Henko raak rustiger en glimlag, hy soen vir Elize en hou haar
 om haar middel vas.

HENKO
 Dalk is jy reg...*sushi*?

ELIZE
 Dis hoekom ek met jou getrou het!

Hulle giggel en Henko tel Elize op en sit haar op die bank
 neer. Hulle soen verder.

Erik kyk weg van hulle af na Mia toe. Met haar kop wys sy vir
 hom dat dit tyd vir hulle is om te gaan.

EXT. WOONSTEL/STOEP - AAND

Mia en Erik stap na die stoepie toe.

MIA
 Is jy seker jy is okay hierso? Kry jy
 nie koud nie?

ERIK
 Mia, ek is 'n spook. Ek is die
 definisie van koud.

Created using Celtx

Beat.

Die atmosfeer tussen hulle is onskuldiglik ongemaklik, asof hulle nie weet wat om vir mekaar te sê nie.

ERIK

Ek's jammer dat jy jou eks en sy nuwe vrou so moes sien...ek wou hom net bietjie laat skrik.

MIA

Jy het! Toe jy haar hare oplig het sy soos 'n *minion* gelyk. Ek het gedink Henko gaan omkap.

(lag)

En dis regtig...okay. Hulle pas mooi saam. Ek besef nou, ek en hy doen nie regtig nie.

Beat.

MIA (CONT'D)

Al maak dit my baie seer om te sê...
(sarkasties)

Jy was reg.

(ernstig)

Dis tyd om aan te beweeg.

Erik glimlag en knik sy kop.

ERIK

Dink jy ons paaie sou ooit gekruis het?

Mia verstik. Sy kyk af. Sy lig haar skouers tot by haar ore, onseker oor wat om te antwoord.

Beat.

Erik dink.

ERIK (CONT'D)

Dalk sou ons uitgegaan het.

Mia met blosende wange na Erik op. Sy lag in ongeloof.

ERIK (CONT'D)

Die feit dat jy bietjie van 'n *control freak* is, sou my laat huiwer.

Created using Celtx

MIA
(geskok)
Ek is nie 'n control freak nie!

ERIK
Dis nie 'n slegte ding nie. Dis hoekom jy so 'n goeie onderwyseres is. Jy het alles altyd in orde, maar ek dink ek sou jou kon help om 'n bietjie te *chill*.

MIA
Glo dit of nie, ek was nie altyd so *uptight* gewees nie.

ERIK
Oh?

MIA
Met Henko was ek eintlik rustig, *go-with-the-flow* en als. En dis presies waar dit verkeerd geloop het: ek het nie styf genoeg vasgehou nie. En ja...Op ons trou dag, toe besluit hy hy soek meer. Drie maande daarna, toe trou hy met Elize.

Erik plaas sy hand op Mia se rug en vryf liggies.

Beat.

Stilte.

MIA
En jy? Hoe was jou liefdeslewe Meneer *Big Shot* Prokureur?

Erik lag vir Mia en skud sy kop.

MIA (CONT'D)
Komaan, jy is aantreklik en suksesvol en...

Erik bloos.

ERIK
Aantreklik sê jy?

Mia rol haar oë en stamp hom aan sy skouer. Erik skud sy kop en gee in.

Created using Celtx

ERIK (CONT'D)

Fine, ek het een meisie gehad, so 'n paar jaar terug. Imke. Ons het van hoërskool af uitgegaan.

(haal diep asem)

My pa het siek geword en toe hy oorlede is, toe haak ek net uit. En ja...

MIA

Dit moes 'n aaklige tyd vir jou gewees het.

Erik knik sy kop.

ERIK

Wie weet? Dalk wanneer ons hierdie lysie klaar gemaak het, sien ek my pa weer.

Mia glimlag en plaas haar hand op Erik s'n.

Beat.

Erik vat 'n ruk om agter te kom dat Mia sy hand vashou. Hy kyk af na hulle hande en vleg sy vingers in hare. Hulle kyk op na mekaar.

Stilte.

Beat.

ERIK

(sukkel om sy woorde te kry)

Mia, ek...vandag was...

(beat)

'n goeie dag.

MIA

(knik haar kop)

En produktief!

Erik skud sy kop en glimlag. Hulle hou nogsteeds hande vas. Wanneer Mia haar vingers begin los maak, gryp Erik haar om haar middel en trek haar nader. Hulle kyk diep in mekaar se oë. Erik beweeg sy gesig stadig nader aan Mia s'n en soen haar. Na 'n paar oomblikke, trek Mia weg en glimlag breed. Sy vee haar lippe af.

Mia knik haar kop en begin weg loop.

Created using Celtx

ERIK

Mia?

Mia draai om.

ERIK (CONT'D)

Môre word ek begrawe.

Mia kyk hom bejammerend aan, maar eintlik kry sy haarself meer jammer. Deur al die pret van die dag het sy vergeet dat Erik 'n spook is.

Beat.

Stilte.

INT. WOONSTEL/MIA SE SLAAPKAMER - AAND

Mia val neer op haar bed. Sy haal haar dagboek uit haar laai en skryf die datum bo-aan.

Mia skryf in haar dagboek:

MIA (IN DAGBOEK)

Ek voel ligter, vir eens. Is verlig die regte woord? Ek het 'n goeie dag gehad. Die eerste goeie een in 'n lang tyd. Ek weet nie hoe lank ek het om met hom tyd te spandeer nie, maar ek weet net ek voel ligter saam met hom.

INT. LAERSKOOL/MIA SE KLASKAMER - DAG

Erik sit met sy 'aanbeweeg' lysie en Mia merk toetse by haar lessenaar. Die klaskamer is leeg en buite hoor ons hoe kinders speel.

ERIK

Hoe laat maak jy vandag klaar?

MIA

Twee-uur.

(grapperig)

Moenie worry nie, ek sal nie toelaat dat jy vir jou eie begrafnis laat is nie.

Beat.

Stilte.

Created using Celtx

ERIK

Ek het gedink as ons genoeg tyd het,
 kan ons dalk by 'n juweliersware
 winkel in pop en meer uitvind oor
 daardie oorbel.

Mia se rooi pen hou op om te beweeg, maar sy staar vir die
 papier voor haar. Sy sluk hardop. Net soos sy haar mond
 oopmaak om iets te sê, klop iemand aan haar deur.

MIA

Binne!

Gerhard stap in.

GERHARD

Sit daardie rooi pen van jou neer.

Mia gehoorsaam en vou haar arms bo-op haar lessenaar.

ERIK

Wie's die nar?

Mia ignoreer vir Erik.

GERHARD

Na skool vandag. Ek, jy, daardie nuwe
 koffie winkel in 5de straat.

Mia giggel.

GERHARD (CONT'D)

Wat is so snaaks?

MIA

Jy klink net so selfversekerd...

GERHARD

'n Man is net so *confident* soos sy
attitude...So wat sê jy?

ERIK

Werklik...waar kruip hy uit?

Erik gluur Gerhard aan en bestudeer hom van kop tot toon.

MIA

Ek kan nie vandag nie. Ek gaan na 'n
 begrafnis toe.

Created using Celtx

GERHARD

Mia, ek's jammer. Wie s'n?

MIA

(kyk vlugtig na Erik)

'n Ou pel van my. *Rain check?*

Gerhard knik sy kop en wys met sy duime dak toe voordat hy uit die klaskamer uit verdwyn.

ERIK

Hm.

MIA

En nou?

ERIK

Niks nie.

Mia rol haar oë.

MIA

Groen is nie jou kleur nie.

INT. JUWELIERSWARE WINKEL - DAG

Mia en Erik loop by 'n juweliersware winkel in. Dit is 'n klein winkel omring met glas toonbanke wat verskeie juwele vertoon.

MIA

Tien minute. Dan moet ons ry.

Erik knik sy kop. Hulle stap na die toonbank toe waar 'n VROU in 'n netjiese pak staan. Die naamplaatjie op haar bors sê 'Johanna'.

JOHANNA

Goeie dag. Waarmee kan ek help vandag?

Mia haal die oorbel uit haar handsak uit en wys dit vir Johanna.

MIA

Hallo, ek weet dis waarskynlik onmoontlik maar is daar 'n kans dat ek kan uitvind aan wie hierdie oorbel behoort?

Mia gee die oorbel vir Johanna.

Created using Celtx

JOHANNA

Net een?

Mia trek haar lippe styf en knik haar kop.

JOHANNA

Laat ek gou agter gaan loer. Ek is nou terug.

ERIK

Jy kan gerus meer positief wees.

MIA

Ek sien net nie die doel hierin nie.
Ek het mos vir jou gesê dit het nêrens
aanlyn gesê dat jy moet uitvind wie
dit aan jou gedoen het nie.(vou haar arms voor haar bors)
Hierdie is net 'n mors van tyd.

Mia vermy om met Erik oogkontak te maak.

ERIK

Die oorbel behoort aan my moordenaar.

MIA

(skielik verdedigend)
Moordenaar?! Wanneer het jy dit
besluit?

ERIK

'n *Hit* is 'n strafbare manslag en 'n
hit-en-run is, in my oë, moord.Ons sien vir Mia deur die sekuriteitskamera, maar ons sien
nie Erik nie. Dit lyk asof sy 'n intense gesprek met haarself
hou.

Beat.

Ons sien dan weer vir Mia normaal weg, en Erik langs haar.

ERIK (CONT'D)

Dis my enigste leidraad. Nie ek of jy
of die internet weet eintlik wat ons
moet doen nie, ons het net 'n riglyn.
Hoekom sal die oorbel in my sak beland
het as ek nie die persoon, aan wie dit
behoort, moet vind nie?

Beat.

Created using Celtx

Stilte.

Voor Mia kan antwoord, kom Johanna terug na die toonbank toe.

JOHANNA

Hierdie oorbel is skaars. Net mense
wat aan hierdie klub
(sy sit 'n silwer kaart op die
toonbank)
behoort, kan dit bestel.

ERIK

Vra of ons 'n lys van die mense wat
aan die klub behoort kan kry.

Mia rol haar oë.

MIA

Is daar 'n lys van almal wat aan die
klub behoort?

JOHANNA

Ongelukkig nie, maar wat ek vir jou
kan sê, is dat die vrouens wat hierdie
oorbelle bestel ook 'n ooreenstemmende
halssnoer kry. Aan die halssnoer is 'n
silwer eend.

Johanna wys hulle die agter kant van die oorbel.

JOHANNA (CONT'D)

Kyk hier. Sien jy die klein prentjie
van die eend? Dit wys dat dit deel van
die spesifieke reeks is.
(sy gee die oorbel terug)
My advies is: kyk uit vir 'n eend
halssnoer.

MIA

Dankie.

JOHANNA

Ek hoop jy kom reg!

INT. RANDBURG KERK - DAG

Mia en Erik sit in die agterste bankie van die kerk. Mia is
versigtig om nie enige aandag te trek nie. Sy hou 'n oog uit
vir waar Anja sit, en sien haar op een van die voorste
bankies.

Created using Celtx

ERIK

Hoeveel mense, dink jy, was al by hulle eie begrafnis?

MIA

Tegnies almal...maar soos jy...

Mia trek haar skouers op.

Aan die voorkant van die kerk is daar 'n donkerbruin houtkis met 'n groot foto van Erik langsaan. Die dominee, gekleed in 'n swart pak, loop na sy podium toe.

DOMINEE

Ons is vandag hier, nie om te treur nie, maar om die lewe van Erik de Lange te verheug. Alhoewel hy ons jonk verlaat het, het hy 'n groot impak op almal gemaak wat hy ontmoet het. Erik het vir sy gesin gesorg nadat sy pa oorlede is. Hy was regtig 'n besonderse jong man. Kom ons maak ons oë toe vir gebed.

Mia maak haar oë toe, Erik nie. Hy kyk in die kerk rond na almal wat daar is. Mia vat Erik se hand in hare. Die dominee begin bid, maar ons hoor hom nie. Erik staar vir Mia se hand wat in syne is.

Beat.

DOMINEE (CONT'D)

Amen.

Mia laat van Erik se hand gaan. Die stemme van almal in die kerk eggo "amen".

DOMINEE (CONT'D)

Janine, Erik se ma, gaan nou 'n paar woorde sê.

JANINE, met 'n lang, swart rok en kort, blonde hare stap vorentoe en staan agter die podium. Die dominee peuter aan die mikrofoon om dit vir haar laer te stel. Haar oë is dik geswel.

JANINE

Baie dankie aan almal wat hier is. Ek is seker Erik sou dit baie waardeer het. Erik was 'n wonderlike seun
 (snikkend)
 (MORE)

Created using Celtx

wat te vroeg gevat is. Hy was die definisie van sonskyn in elke donker oomblik van my lewe.

'n Traan rol van Erik se wang af. Mia kyk vir Erik, bekommerd. Janine vat 'n oomblik om diep asem te haal, maar dit help nie. Sy begin onbeheersd te huil.

Erik staan skielik op en loop uit. Hy kan dit nie vat om sy ma so te sien nie.

MIA
(fluister)
Moet ek saam met jou kom?

'n OU VROU wat voor Mia sit draai skielik om.

OU VROU
Shhh!

Mia lig haar hande op en met haar lippe vorm sy die woord 'jammer' sonder om 'n klank uit te laat. Mia kyk terug na Erik om sy antwoord te hoor, maar hy is klaar weg.

Janine skeep weer moed, maar nie vir lank nie.

JANINE
(huilend)
Ek sal nie rus totdat ek uitvind wie dit aan Erik gedoen het nie.

Die dominee staan op en vat liggies aan Janine se skouers. Hy gee vir haar 'n sneesdoekie en lei haar terug na haar sitplek toe.

Mia se gesig word spierwit.

INT. RANDBURG KERK - DAG

Mia staan by die ingang van die kerk en loer buite om te kyk of sy Erik raak sien. Wanneer sy nie doen nie, stap sy badkamer toe.

INT. RANDBURG KERK/BADKAMER - DAG

Mia staan voor die spieël in die badkamer en kyk na haar refleksie. Haar gesig is nogsteeds bleek. Sy besluit om haar hande te was.

Die deur van die een toilet stalletjie swaai oop.

Created using Celtx

ANJA

Mia?

Mia vries, sy herken Anja se stem. Sy kyk weer op in die spieël en draai dan om na Anja toe. Mia kom agter dat Anja die eend halssnoer dra. Sy sluk hardop.

ANJA (CONT'D)

Wat maak jy hier?

MIA

Ek, uh...ek voel maar, op 'n manier, geheg aan Erik.

Anja gee vir Mia 'n drukkies.

ANJA

Ek kan net dink. Sien jou in die eetsaal?

Mia knik haar kop en gee Anja 'n halwe glimlag. Wanneer Anja uit die badkamer is, sak Mia haar skouers en blaas diep asem uit. Mia vryf haar hande oor haar gesig en loop dan by die badkamer uit.

INT. RANDBURG KERK - DAG

Mia sien Erik staan by sy kis. Sy stap na hom toe.

MIA

Dis 'n mooi foto.

Beat.

Erik probeer 'n stywe glimlag vir Mia wys. Sy oë is rooi.

ERIK

Dis vreemd om te dink...ek lê daar binne...maar ek is hier.

(beat)

Kan ons gaan?

Mia knik haar kop. Soos wat hulle draai om uit te loop, stop Erik en gryp Mia aan haar arm. Sy oë is op iemand gefokus.

MIA

Wat is dit?

Dan sien Mia na wie hy kyk. 'n MEISIE met gekrulde, rooi hare en 'n ligte vel. 'n Swart rokkie wat lyk soos 'n rokkie wat 'n ballerina sal dra, omhels haar figuur.

Created using Celtx

ERIK

Imke.

Imke loop skielik na Erik se kis toe, asof sy haar naam gehoor het. Erik hou nogsteeds aan Mia vas. Imke kom staan by Erik se kis, oorkant hulle, en bewonder sy foto. Sy gee 'n halwe glimlag vir Mia, en Mia doen dieselfde.

ERIK

Praat met haar.

MIA

(verstom)

En sê wat?

IMKE

Ekskuus?

MIA

Oh, uh, dis 'n mooi foto.

IMKE

Ja, baie. Ek het dit geneem.

Mia se wenkbroue lig en sy druk haar lippe styf teen mekaar.

Die twee van hulle staan in ongemak voor die kis. Mia weet eintlik nie wat om te sê nie.

Beat.

ERIK

(stamp aan Mia se arm)

Vra hoe voel sy.

MIA

(verstom, fluister)

Nee!

Imke kyk vraend na Mia.

IMKE

Nee wat?

MIA

(val oor haar woorde)

N-nee, ek het dit nie geweet nie.

Mia laat 'n ongemaklike lag uit.

Created using Celtx

IMKE

Ja, 'n paar jaar terug, toe ons nog
uitgegaan het.

Imke vee 'n traan af.

ERIK

Sê ek het baie vir haar omgegee.

Mia skud haar kop, ongeïnteresseerd om met Imke 'n gesprek te
voer.

ERIK (CONT'D)

Onthou jy op die lysie, as iemand
sukkel om my te laat gaan, kan dit my
ook terug hou. Jy moet vir haar
closure gee.

Erik staar vir Mia met wye oë en wag vir 'n antwoord. Mia
blaas asem uit.

MIA

(gee in, onbesorg)
Hy het baie vir jou omgegee.

Beat.

IMKE

(verbaas)
Hoe weet jy dit?

MIA

(huiwerig)
Ons was vriende gewees.
(skielik)
Baie onlangs.

Beat.

Imke draai na Mia toe. Imke kyk af.

IMKE

Ek het altyd gedink ons sal weer
bymekaar uitkom...gehoop is seker die
regte woord.
(sug)
Hy het jou seker vertel hoe aaklig ek
was.

Mia lig haar wenkbroue hoog.

Created using Celtx

MIA

(sag)

Eintlik die teenoorgestelde.

IMKE

(glimlag)

Dis Erik vir jou.

(asem uit)

Kom ons sê net ek was nie 'n goeie meisie gewees nie. Veral toe hy my ondersteuning die meeste nodig gehad het. En hy was net...perfek. Daar was kere wat ek gehoop het hy doen iets verkeerd sodat ek 'n rede het om met hom te stry. Ek was regtig net simpel gewees.

Mia kyk vraend na Erik. Erik kyk nie van Imke af weg nie.

ERIK

Sê ek het haar vergewe.

MIA

Hy het jou al lankal vergewe. Almal maak foute.

Imke skud haar kop en vee nog 'n traan af. Dan gee sy vir Mia 'n drukkies. Imke glimlag verleë.

IMKE

(onseker)

Ek het nodig gehad om dit te hoor.

Imke loop dan weg van Mia af, na die eetsaal toe.

EXT. BUIITE/MIA SE KAR - DAG

Erik en Mia loop kar toe. Mia is skielik dikbek.

ERIK

En hoekom is jy vies?

MIA

Wie sê eks vies?

ERIK

Niemand, ek kan dit sien.

Mia sug en hou op met loop. Sy draai na Erik toe met haar arms gevou.

Created using Celtx

MIA
(konfronterend)
Jy't gesê jy't uitgehaak.

Erik kyk onseker na Mia. Hy wag vir haar om aan te hou.

MIA (CONT'D)
Sy was die een wat sleg was in die
verhouding, nie jy nie. Hoekom sal jy
jouself in 'n slegte lig stel? Hoekom
het jy vir my gelieg?

ERIK
Ek maak niemand sleg nie, ek het gesê
hoe dit vir my gevoel het.

Beat.

Erik loop verder na Mia se kar toe. Mia maak haar kardeur
oop.

ERIK
Is jy...jaloers of iets?

Mia, skielik meer dikbek as tevore, frons en plaas haar hande
op die dak van haar kar.

MIA
Moenie simpel wees nie.

Erik giggel.

ANJA
(roep)
Mia!

Mia en Erik kyk by die pad af en sien vir Anja in 'n lang
swart rok.

ANJA (CONT'D)
Sien jou by die huis.

Mia waai vir haar.

Eers wanneer Mia in die kar klim, kom sy agter dat Erik dit
gehoor en -sien het. Haar oë rek wyd. Sy maak asof sy niks
weet nie en skakel haar kar aan.

ERIK
Hoe ken jy vir Anja?

Created using Celtx

MIA
 Sy...ons is ou pelle...

ERIK
 Maar-

MIA
 Wat van bietjie musiek?
 (sy draai die radio volume harder)
 Die dag is bietjie *grim*.

Erik wil nog iets sê, maar die musiek is so hard dat hy dit los en by die venster uitkyk. Dit is duidelik dat iets vir beide Erik en Mia pla.

INT. WOONSTEL/LEEFAREA - DAG

Mia en Erik loop by die leefarea in. Mia gooi haar skoolsakke by die eetkamertafel neer.

ERIK
 (ernstig)
 Mia, wie is jou kamermaat?

Mia draai om, weg van Erik af. Sy wil nie sê nie. Hy stap nader aan haar.

ERIK (CONT'D)
 Die aand wat ek dood is, was ek oppad om iemand te ontmoet, 'n *blind date*...

Beat.

Erik stap al nader aan Mia. Sy krap in haar handsak.

ERIK (CONT'D)
 Anja het die date gereël met haar kamermaat. 'n Onderwyseres.

Beat.

Erik vat Mia se hand in syne en wag vir haar om om te draai. Sy gehoorsaam en kyk vir hom. Hy lyk asof hy wil begin huil. Mia probeer om oogkontak te vermy.

ERIK (CONT'D)
 (lig haar kop met sy hand op)
 Ek en jy...
 (beat, kyk diep in haar oë)
 Weet jy nog die heeltyd dat...

Created using Celtx

Hy sluk sy woorde. Hy haal diep asem, angstig vir Mia om te antwoord.

Mia knik haar kop vir 'n 'ja'.

Erik laat gaan van Mia se hand en vryf sy hande oor sy gesig.

ERIK (CONT'D)
(agterdogtig)
Hoe lank?

Beat.

Stilte.

Mia vou haar arms voor haar bors, en vryf haar een hand oor haar arm asof sy koud kry.

MIA
(huiwerig)
Toe jy in my woonstel staan.

Erik haal diep asem.

ERIK
(duidelik ontsteld)
Van die eerste keer wat ons ontmoet
het?

MIA
Hoekom is dit belangrik om te weet?

Beat.

Erik loop van Mia af weg, maar draai dan skielik om.

ERIK
(frustreerd)
Verstaan jy nie, Mia? Dis hoekom jy my
kan sien, aan my kan vat, dis hoekom
ek aan jou geheg is, want ons was
seker veronderstel om saam op te
eindig.

Mia skud haar kop soos wat haar oë met trane vul.

MIA
(tranerig)
Ek dink nie dis hoe dit werk nie...

ERIK
 (verbysterd, gooi sy hande in die lug)
 Wat op aarde sal dan die rede wees dat ek en jy aanmekaar geheg is?

MIA
 Want

ERIK
 Want wat?

MIA
 (bars uit)
 Dit was ek, ek het jou omgery.

Beat.

Erik trek sy skouers terug. Sy gesig raak bleker as gewoonlik, hy lyk nou soos die een wat 'n spook gesien het.

Stilte.

MIA (CONT'D)
 (sagter)
 Dit-dit was ek gewees.
 (beat)
 Oppad na die date toe, het Henko 'n trou foto gepost. Ek het nie eers daarvan geweet nie, ek-
 (blaas asem uit)
 Dit het gevoel asof my hele lewe, van vooraf, uitmekaar val...en toe kyk ek nie waar ek ry nie en...

Beat.

MIA (CONT'D)
 Ek het uit die kar geklim en jou daar sien lê, bewusteloos. Ek het die ambulans gebel en weggeroep want ek was...bang
 (huilend)
 Ek wens...ek...

Mia maak haar handsak oop en haal die ander, ooreenstemmende, diamant-stud oorbel uit.

MIA (CONT'D)
 Anja het dit vir my geleen.

Created using Celtx

Beat.

Erik se oë rek wyd.

MIA (CONT'D)

Dis hoekom ek nie juweliersware winkel
toe wou gaan nie...Jy moet my vergewe.

Mia draai om om die oorbel weer terug in haar handsak te sit en dan draai sy weer terug om vir Erik in sy oë te kyk, maar hy is weg...spoorloos.

Mia se oë skarrel rond in die kamer. Sy loop vinnig na die voordeur toe en kyk buite of sy hom sien.

MIA

(roep)

Erik?

Sy draai om, terug in die woonstel in.

MIA (CONT'D)

(sag)

Erik?

Mia begin besef...

MIA

(skud haar kop, skree)

Erik?!

Sy sak neer op die vloer soos die trane van haar wange af rol. Dit vat Mia 'n paar oomblikke om haarself te kalmeer en regtig tot begrip te kom met wat sopas gebeur het. Haar arms vou om haar lyf om haarself te troos.

Daar is 'n effense gefluit wat van die stoepie af kom. Mia hardloop agter die fluit aan.

EXT. WOONSTEL/STOEPIE - DAG

Mia sien hoe die takke waai en die wind fluit. Erik is nie op die stoep nie.

Mia haal diep asem en maak haar oë toe. Sy hoor weer die gefluit en, al is dit van die wind, gee dit haar 'n oomblik om rustig te raak.

Wanneer sy haar oë oopmaak, sien sy dat haar notaboekie nog op die buitenste tafel lê. Sy maak dit oop en bestudeer die lysie. Soos wat sy deur die bladsye blaai, val daar 'n

Created using Celtx

besigheidskkaartjie op die vloer neer. Mia tel dit op.

OP DIE BESIGHEIDSKAARTJIE

staan daar:

Deloris the Psychic

Tarot Cards, Palm Reads

Connecting with spirits

100% guaranteed accuracy

Mia kyk op en dan weer na die besigheidskkaartjie.

MIA

(lees)

Connecting with spirits...

